'n Verdere ontleding wat gemaak moet word, is om die toekomstige wingsgewendheid of rentabiliteit van die besigheid te ondersoek. Hier gaan dit oor hoeveel wins in 'n normale jaar gemaak kan word.

**Tabel 1** gee 'n aanduiding van wat die maksimum skuldvas van verskillende tipes boerdery behoort te wees. Hierdie is egter net norme en dit moet altyd saam met rentabiliteit, likiditeit en terugbetaalvermoë gesien word.



Grafiek 1: Reënvalverspreiding oor 20 jaar.



## 1 NORME VIR MAKSIMUMSKULDASVERHOUDINGS.

TIPE BOERDERY	NA OES	VOOR OES
Besproeiing	45% - 50%	55% - 60%
Gemengde boerdery	30% - 35%	45%
Droëland saai (Mediumpotensiaal)	25% - 30%	43% - 50%
Droëland saai (Hoë potensiaal)	30% - 35%	60%

Alhoewel hierdie inligting uiters belangrik is, moet produsente altyd onthou dat maksimum wins en maksimum opbrengs nie noodwendig hand aan hand loop nie. Die wet van meer opbrengs bepaal dat opbrengs aanvanklik vir elke ekstra insetgebruik tot op 'n punt sal toeneem. Daarna sal die opbrengs begin daal vir ekstra insette toegedien. (Dan word 'n swak reënvaljaar nog nie eers in berekening gebring nie!)

### Opbrengsmikpunte

Reënval en reënvalverspreiding is die grootste bepaler van opbrengs. Reën op die regte tyd bring die tonne en goeie pryse bring die winste. In 'n produsent se beplanning is dit deurslaggewend dat die regte opbrengsmikpunte bepaal moet word. Dit is hier waar die plaas of die omgewing se reënval as basis van beplanning gebruik moet word.

Grondsoorte se verskillende eienskappe en die verwagte reënval moet die basis wees waarop die beplanning vir opbrengste moet berus. Die grond kan nie verander nie, maar wel die reënval – dit is hier waar 'n produsent inligting moet ontleed om sodoende die beplanning aan te pas.

Om net op gemiddeldes te werk, kan dikwels die verkeerde strategie wees. Reënval moet ontleed word ten opsigte van die waarskynlikheid dat 'n sekere hoeveelheid reën sal voorkom. In statistiese ontleding word daar altyd na die modus, mediaan en gemiddeldes verwys. By reënvalontleding sal die modusreënvalsyfer die millimeter per jaar wees waarvan die waarskynlikheid die grootste is om elke jaar te realiseer. Die mediaanreënvalsyfer sal die millimeter per jaar wees waarvan die waarskynlikheid ten minste 50% per jaar sal wees om te realiseer. Die gemiddelde reënvalsyfer is die gemiddelde reënval wat oor tyd waargeneem word en dié kans om te realiseer is gewoonlik nog minder as die mediaanreënval. Hierdie verwagte reënvalsyfer sal vir seker die verwagte opbrengste beïnvloed. Die gemiddelde reënval se opbrengste sal die hoogste wees en soos die verwagte reënval verminder, sal die opbrengste ook afneem.

Vir produsente met 'n baie lae skuldslas sal dit sin maak om op die gemiddelde reënval van die plaas se verwagte opbrengste te werk.

Vir produsente wat dalk van produksiekrediet gebruik maak, sal dit sin maak om op die mediaanreënval se opbrengste te beplan. Indien die produsent nie risiko's wil neem nie, sal die modusreënvalopbrengs dalk die aangewese opbrengs vir beplanning wees.

In **Grafiek 1** kan gesien word dat die modus se persentasie die hoogste is, gevolg deur die mediaan en laastens die gemiddelde reënval.

## Hoë insetkoste het die risiko wat produsente moet neem drasties verhoog

Om net te beplan gaan 'n produsent nie ver bring nie. Dit is van kardinale belang dat die effektiwiteit en doeltreffendheid van die besigheid opgeskerp moet word. Die regte aksies moet die eerste keer reg uitgevoer word. Hoe hoër die skuldslas, hoe meer aandag moet aan effektiwiteit en doeltreffendheid gegee word. Die toepassing van goeie boerderypraktyke is ononderhandelbaar. Sorg dat die gronde se pH-vlakke reg is en hou dit daar. Maak seker dat kunsmistoediening met die beplande opbrengste soos begroot korrespondeer. Dit help nie daar word beplan vir 'n 4 ton-opbrengs, maar kunsmis gegee vir 'n 10 ton-opbrengs nie.

### Praat met kenners

Soms verval produsente in 'n groef en maak hulleself wys dinge is werklik soos wat hulle dit wil hê. Dit is uiters belangrik om 'n bietjie afstand van die besigheid te kry en daarom maak dit sin om iemand van buite te kry om te help met beplanning. 'n Onafhanklike buitestaander sal vinnig 'n fout of twee optel wat op die ou end heelwat geld kan spaar. Die meerderheid finansiële instellings en landboubesighede beskik oor vaardige adviseurs om produsente te help. Maak hierdie persoon deel van die besigheid en put uit hul ervaring. Hulle kom op baie plase en sien heelwat geleenthede, probleme asook oplossings. As buitestaanders kan hulle produsente help om die regte besluite te neem – sodoende sal die besigheid se langtermynvoortbestaan verseker word.

Hierdie artikel is saamgestel met die hulp van verskeie finansieringshuise. In 'n volgende artikel sal daar meer aandag aan die bestuur van 'n verwagte laer reënvaljaar gegee word. ●

Vir meer inligting kan Pietman Botha by 082 759 2991 gekontak word.



# Landbou-innovasie in die kollig

Yolandi North, namens Syngenta

Op 29 en 30 Maart 2023 het ongeveer 200 produsente en agente wat landbou-insette verkoop, by die wêreldgehalte-Syngenta-proefplaas net buite Bethlehem in die Vrystaat byeengekom om tussen pragtige mielie- en sonneblomlande meer oor presisieboerdery te wete te kom.

Die geleentheid was die tweede Syngenta/John Deere Knowledge Hub en te oordeel aan die entoesiasme waarmee die besoekers aan die besprekings en aktiwiteite deelgeneem het, was dit 'n klinkende sukses.

'n Deurlopende tema was die rol wat tegnologie in voedsel-sekerheid speel. Volgens die Verenigde Nasies gaan die wêreldbevolking teen 2050 op meer as nege biljoen mense staan en landbouproduksie sal tussen nou en dan met tussen 60% en 70% moet groei om in die vraag na voedsel te voorsien.

"Slegs deur volgehoue navorsing en die toepaslike gebruik van tegnologie kan ons die huidige en toekomstige voedselbehoefte van ons kontinent bevredig," het Christian Giesel, bemarkingsbestuurder: Gewasbeskerming by Syngenta, verduidelik. "Die beste tegnologie moet egter op die korrekte manier aangewend word om die beste resultate te bereik en daarom maak die nouer samewerking tussen Syngenta en John Deere soveel sin vir produsente en agente."

Die eerste Knowledge Hub-geleentheid is in September verlede jaar in Napier in die Wes-Kaap aangebied met 'n program spesifiek toegespits op koringprodusente. Die terugvoer was só goed dat Syngenta en John Deere onmiddellik begin het om 'n soortgelyke dag vir mielieprodusente in die sentrale dele van Suid-Afrika te reël.

## Bethlehem-hub

Bethlehem se Knowledge Hub het op somer-rygewasse gefokus en produsente en agente kon kies watter een van die twee dae om by te woon. Syngenta se *maize maze* was 'n groot trekpleister. Dié mieliedoolhof was 'n verbeeldingryke roete met sewe inligtingstasies waar besoekers onder meer na die nuutste navorsing oor snywurmbeskermer, aalwurms en die beheer van misbredie, veral die nuweling *Amaranthus palmeri*, kon luister. Hulle kon ook meer leer oor Syngenta se gewasdekkingsoplossing AgriClimate™ wat aan wêreldklas-weerinligting gekoppel is.

Darius Zeelie van Syngenta se saadafdeling het die gesprek oor nuwe Sensako-kultivars gelei en onder andere verwys na die bekendstelling van Agrisure Viptera®, 'n stapelgeenprodukt vir die beheer van stronkboorders, herfskommaworm en snywurm, wat die

afgelope twee seisoene wyd in mielieproewe geplant is. "Ons sien uit daarna om die resultate met ons kliënte te deel," het Zeelie gesê.

Stefan van Zyl van Syngenta Seedcare se aanbieding oor die beste behandelings om saad en saailinge te beskerm, het heelwat belangstelling gelok. 'n Verdere hoogtepunt was ongetwyfeld die demonstrasie van John Deere se nuwe spuit- en planttoerusting.

In die lig van die toenemende belangrikheid om meer met minder hulpbronne te vermag, het produsente baie waarde gevind in Jack Pickering, Syngenta se deskundige op die gebied van gewasbeskermingstoediening, se wenke oor hoe om te verseker dat dié produkte se effektiwiteit nie deur verkeerde spuitstukkeuses of ongunstige weerstoestande in die wiede gery word nie. "Die produk is net so goed as die toediening," was Pickering se wyse woorde.

Resultate wat met Syngenta se swamdoderdriekuns – MIRAVIS® Neo, AMISTAR® Top en ARTEA® – bereik word, is aan die hand van 'n proefstrook bespreek en meer as een produsent het hul eerste-handse ondervinding van die doeltreffende trio gedeel.

Dit is juis hierdie tipe interaksie en kombinasie van teorie en praktyk wat die Knowledge Hub-aanslag onderskei van tradisionele boeredae, het Giesel gesê. Hy het verduidelik dat Syngenta en John Deere se idee om 'n geleentheid wat op presisieboerdery fokus, aan te bied, vroeg in 2022 gebore is. "'n Suksesvolle boerdery berus op die vermoë om 'n verskeidenheid veranderlikes raak te sien, te verstaan en te integreer – vandat jy plant totdat jy oes. Aangesien ons gewasbeskermingsprodukte net hul werk kan doen as hulle behoorlik en presies toegedien word, was die besluit om kragte met John Deere saam te snoer, maklik en logies."

Volgens Giesel is hierdie vennootskap 'n geleentheid vir twee landboueiers om kennis te deel, baanbrekerstegnologie bekend te stel en toonaangewende boerderypraktyke in die kollig te plaas. Die doel is om die produksie van hoëgehaltevoedsel te bevleilig teen die uitdagings wat die hede en die toekoms inhou, en om die grondslag vir presisieboerdery in Suid-Afrika te lê. "Ons bereik hierdie meervoudige doelwit deur Knowledge Hub-besoekers die kans te gee om eerstehands te ervaar wat moontlik is wanneer inset-, digitale en toerustingtegnologie saam ingespan word," het Giesel diit saamgevat.

"Die Knowledge Hub was 'n wêreldklasdag wat absoluut professioneel aangebied is," was die mening van Fires Janse van Vuuren, agent van Laeveld Agrochem op Kroonstad. "Die kwaliteit van die lesings was uitstekend en ek dink die mense wat nie daar kon wees nie, het iets besonder gemis. Die inligting wat gedeel is, was praktykgerig en van groot waarde." ●

*'n Deurlopende tema was die rol wat tegnologie in voedsel-sekerheid speel*





# ons almal moet eet


Om slim te boer beteken:

Om insekte, onkruid en siekte effektief te beheer.  
Om grond en water ten volle en volhoubaar te benut  
en soveel as moontlik kos te produseer.

Want ons almal moet eet.

**syngenta**

Syngenta Suid-Afrika (Edms) Beperk, Privaatsak X60, Halfway House, 1685. Tel. (011) 541 4000. [www.syngenta.co.za](http://www.syngenta.co.za)  
© Syngenta Ag, 2000. Kopiereg op hierdie dokument word voorbehou. Alle ongemagtigde reproduksie word verbied.

   @SyngentaSA | [www.syngenta.co.za](http://www.syngenta.co.za)



# Farmers get a boost with new finance scheme

Pula Imvula editorial team

**T**he minister of Agriculture, Land Reform and Rural Development, Thoko Didiza, launched a R3,2 billion blended finance scheme (BFS) with Land Bank to assist farmers. The programme will be implemented over a ten-year period.

The Department of Agriculture, Land Reform and Rural Development (DALRRD) announced in October 2022 that the department and Land Bank each invested R325 million per annum. This will effectively result in the creation of a R650 million fund per year that will grow to R1,95 billion by the end of the third year. The funding will be through a blended finance structure, which is a combination of a loan and grant with the focus on commodities as per the Agriculture and Agro-Processing Master Plan (AAMP).

'The launch of the BFS of Land Bank in collaboration with the DALRRD is a very exciting milestone for farmers,' said Dr Sandile Ngcamphalala, Grain SA Farmer Development lead, who attended the launch. 'It is part of the wider AAMP, which is meant to stimulate and drive up to 10% growth in the agricultural sector.'

## Affordability and inclusion

Land Bank is a specialist agricultural development finance institution (DFI) that is embarking on a revised strategy. This is aimed at improving the effective balancing of financial sustainability and developmental outcomes in order to meaningfully contribute to the development and transformation of the agricultural sector in South Africa.

## *The launch of the BFS implies that Land Bank is back in business to fund South African farmers*

The bank achieved a clean audit outcome for the financial year 2022 – providing an indication of its sound governance, management controls and processes to enable the successful implementation of the BFS. 'Strategic partnerships like this are critical to ensure growth, food security, the development of farmers and the transformation of the agricultural sector, and contribute towards job creation,' said Minister Didiza.

'In order to ensure increased affordability and inclusion, and to reduce the risk of failure by new entrants, Land Bank will predominantly follow a blended finance model to support development farmers,' said Thabi Nkosi, chairperson of Land Bank.

This partnership aims to support the development of small- and medium-scale farmers to participate in the mainstream agricultural economy and the agricultural value chain.

To Dr Ngcamphalala this is also good news. 'The launch of the BFS implies that Land Bank is back in business to fund South African farmers. The scheme will see the injection of R325 million grant funding annually to Land Bank for the next three years.'

'Even more exciting is the fact that Minister Didiza is committed to supporting and working with Land Bank for the next ten years,' he continued.

## Objectives of the fund

The objective of the fund is to make land and agrarian reform successful by supporting the development, acquisitions and production expansion of qualifying black farmers in prioritised value chains. This is meant to achieve the following goals:

- » Economic growth and expansion of the agricultural sector.
- » Accelerate land redistribution and wealth creation.
- » Job creation.
- » Transformation of the sector.
- » Increased export.
- » Effective land reform and rural development (especially under-utilised land).



Dr Sandile Ngcamphalala, Grain SA Farmer Development lead, attended the launch of the blended finance scheme.

### Access to the scheme

Access to the BFS will be directly through Land Bank. The DALRRD will perform an oversight role, including reporting to all its relevant structures. Furthermore, the received expression of interest from other private banks and engagements is at an advanced stage as part of the goal of broadening access to finance by farmers.

The targeted industries include the following:

- » Fruit, nut and vegetable value chains.
- » Grains and sugarcane.
- » Poultry value chain.
- » Pork, beef and sheep value chains.
- » Other viable ventures that support the AAMP.

Grants will be provided based on the pre-set DALRRD qualifying criteria.

Important to note is that long-term lease agreements, including permission to occupy, that are longer than the period of funding, will be accepted as adequate security to enable access to funding.

### Who qualifies?

- » South African citizens with a valid identity document.
- » Black-owned and managed farming enterprises that are commercially viable in commodities prioritised in the AAMP.
- » In the case of joint ventures, the non-black partner should have 40%, but not less than 26% ownership in the enterprise.
- » Enterprises with 10% farm worker profit sharing – the National Development Plan urges that by 2030, no one should go to bed hungry.

- » Youth (40% targeted), women (50% targeted), people with disabilities (6% targeted) and military veterans.

### Grain SA's input

'The funding ratio between the loan and grant was one of the points emphasised at the launch,' explained Dr Ngcamphalala. 'It was said that the funding will target production support, including CapEx and OpEx as well as insurance. The grant part of the loan will be capped at R10 million, R10 million and R50 million for small-, medium- and large-scale farmers respectively. Smallholder farmers will access the facility at a 60:40 split between grant and loan. Medium-scale and large-scale commercial farmers will receive the funding at a 50:50 and 40:60 split respectively.'

'Key to accessing the funding was economic benefit criteria including issues of equity, transformation and inclusivity, the BBBEE score of the applying enterprise, personal risk, employment opportunities, food security contribution, localisation of the commodity produced to replace imports as well as the targeted local or international markets. The funding responsibility will rest solely with Land Bank, and as such, applicants will have to fulfil the viability assessment of Land Bank to determine the bankability of the enterprise,' Dr Ngcamphalala concluded. ●



Omskep risiko in volhoubare welvaart

## NEEM BEHEER VAN JOU *BESIGHEIDSIKLUS* MET 'N *RISIKOBESTUURSPOLIS*

### TRADISIONELE DEKKING

BELASTING 27%

BEHOUE VERDIENSTE 73%

### DIE CORPORATE GUARANTEE KONSEP

120% RISIKODEKKING

- Vervang u behoue verdienste met 'n risikobestuurspolis.
- Behou meer verdienste vir die bestuur van risiko.
- Ontvang 120% risikodekking vanaf Corporate Guarantee in die geval van katastrofiese gebeurtenisse.

**ADDISIONELE  
VOORDELE  
EKSCLUSIEF GEBIED  
AAN GRAAN SA-LEDE**



Vir meer inligting kontak ons gerus

TEL | +27 (11) 787 9019 E-POS | info@corporateguarantee.co.za WEBTUISTE | www.corporateguarantee.co.za  
Gelisensieerde Verskaffer van Finansiële Dienste (FSP 19756) & Geregistreerde Kredietverskaffer (NCRCP 17485), B's & V's Geld

# JONGMENSE

SIEN DIE TOEKOMS

*anders*



Die manier waarop **jongmense die toekoms sien**, spreek van positiwiteit – en van die keuse om in 'n nuwe tydsgreep relevant te wees. AgriSeker deel dié opgewondenheid oor die toekoms van landbou in Suid-Afrika. Ons leuse is nie verniet **“n Seker Toekoms”** nie.

AgriSeker is gemotiveer om 'n bydrae te lewer tot die toekoms van ons land met 'n toegewyde fokus op landbou deur kennis, begrip en deelname in hierdie sektor. Ons fokus is op ons boere en jongmense, want ons het julle nodig vir die voortbestaan van landbou.

**Vra jou versekeringsmakelaar of vind ons aanlyn by [agriseker.co.za](http://agriseker.co.za)**

AgriSeker Onderskrywingsbestuurder (Edms) Bpk, Reg no. 2014/235270/07 is 'n Gemagtigde Finansiële Dienste Verskaffer: FSP no. 45767, Onderskryf deur Land Bank Insurance (SOC) Bpk, Reg no. 2012/115426/30.



# Everyone's contribution needed to create an inclusive sector

SA Graan/Grain editorial team

**D**espite the fact that the Agricultural Development Agency (AGDA) was launched just before the onset of the Covid-19 pandemic in 2020, it was making strides in supporting an inclusive farming sector in South Africa. This was according to Dr Mathews Phosa, chairperson of AGDA, at a round table discussion on the implementation of the Agricultural Master Plan (AMP) held in Pretoria.

The launch of the agency followed the renewed focus on transformation in the agriculture sector and the Agri BEE Sector Code of 2017, which gave new transformation targets to the sector.

AGDA is part of the Public Private Growth Initiative (PPGI), which was established in 2018 under the leadership of the late Dr Johan van Zyl, then CEO and president of Toyota in Europe. AGDA is governed by a board of directors constituted of an equal number of representatives from government and the private sector, working together to achieve the common goal of sustainable and accelerated land reform to the benefit of South Africa and all its people.

Opening the round table discussion, AGDA CEO, Leona Archary, said that partnerships were the only way to achieve the implementation of the AMP in South Africa. 'Together we can drive economic growth and build South Africa to where it should be. Ideas must move into implementation and that is the purpose of today's discussions,' she said.

The aim is to align strategic planning between government and the private sector, in the interest of improving economic growth and the manner in which government and business work together. AGDA has one important goal – to empower developing black farmers.

'To drive and execute the AMP, we need to integrate, aggregate, facilitate and implement. The AGDA is the ideal vehicle to use to achieve these goals. We are the soldiers to execute the plans.' This was the message given by Dr Phosa at the round table discussion.

Dr Phosa added that every accomplishment started with a decision that was implemented. 'A decision was taken to write the AMP, and we decided to establish AGDA. Now we must act and implement our decisions and discussions.'

## Growing the economy

Dr Phosa said that agriculture has a major role to play to grow the economy and added that the sector has the ability to contribute to youth employment across the value chain. 'The new technologies available on all levels in the sector offer a platform to young people to become involved. There are various opportunities for hard-working young people,' he said.

Minister of Agriculture, Land Reform and Rural Development, Thoko Didiza, agreed in her address that the day's discussions could pave the way to driving the implementation of the AMP. 'Inclusive agriculture in South Africa is possible and there are many examples as testimony to this, but we need to build on those to implement the master plan and grow the economy.'

'Many people are passionate about agriculture and the majority of them can offer expertise based on vast experience. Collectively we must look at what we have and know and contribute that to grow the sector and the economy. Everyone's contribution is needed to complete the puzzle,' she pointed out.

## Better access

Dr Phosa added that inclusiveness across the food value chain is necessary to obtain household food security. 'Developing a sustainable and inclusive agricultural sector in South Africa will contribute massively to household food security, job creation, rural development, meaningful land reform and emerging farmer empowerment.'

Landmark events are also needed to boost the agricultural sector's transformation efforts.'

The AGDA Integrated Farmer Development Programme (IFDP) will provide participating emerging smallholder farmers with services such as whole farm assessments, development plans, skills transfer, partnership, accounting services and project management services.

Most emerging farmers in South Africa operate outside the main-stream agricultural value chains and are often unable to gain access to markets without support. Being part of a value chain is one of the critical pillars of

**Minister of Agriculture, Land Reform and Rural Development, Thoko Didiza, addressing the partners attending the round table discussions on inclusiveness in the agricultural sector and the implementation of the Agricultural Master Plan in Pretoria.**





## ← EVERYONE'S CONTRIBUTION NEEDED...

↳ sustainable farming and without access to markets farmers are almost certainly set up for failure. Being part of the IFDP can enable emerging farmers to implement the key factors required for being a successful farmer and to become part of the value chain. The focus is on capacity building, skills transfer, market readiness and market access.

'Access to the agricultural value chain can hugely contribute to creating an enabling agricultural environment where an emerging farmer can become part of the main-stream agricultural sector. This can also create opportunities to fund the commercialisation of emerging farmers in a sustainable manner,' Dr Phosa added.

In his address to the attendees at the round table discussions, recently, Roelf Meyer – one of the main drivers and board member of AGDA – drew attention to the main objectives of the agency. These are to promote and support access to agricultural land by black and emerging farmers, and to support the use of agricultural land and infrastructure development so as to promote land reform and food security in the country.

Meyer said that AGDA has the specific purpose to ensure the provision of appropriate training, as well as support and assistance to emerging farmers to improve capacity and access to agricultural markets in particular.

AGDA aims to achieve the following objectives:

- » Direct job creation at farm level;
- » indirect job creation throughout the value chain due to increased activities;
- » food security;
- » training and skills transfer for all employees;
- » business management training for emerging farmers;
- » wealth creation for emerging farmers; and
- » transformation in the agricultural sector.

Only through the pursuit of these objectives in partnership with government will the sector and the country be able to include everyone who have ambitions to work in agriculture, Meyer said during the official launch of AGDA in 2020.

AGDA also facilitates skills transfer from commercial farmers and private sector agri-businesses to identified beneficiaries. This is achieved by supporting existing initiatives and by funding targeted projects.

Discussing the role that commercial producers can play to support the implementation of the AMP through best-practice scalable models, CEO of the Schoeman Group and AGDA board member, Kallie Schoeman, pointed out five key aspects from the AMP that needed implementation. These points are:

- » To promote transformation;
- » to increase food security;
- » to enhance competitiveness;
- » to further inclusiveness in the agricultural value chain; and
- » to secure financing for farmers.

'These five points can be achieved through partnerships with commercial producers. Government is good at making plans, but farmers are the ones that can implement,' Schoeman said. He added that there are many examples of projects where commercial farmers are

involved and where they, to a great extent, carry the risk on behalf of new era farmers. Referring to the Zamukele Farmers' Programme, Schoeman said that farmers that are incorporated into the food value chain are on the first steps towards success.

'The Zamukele project aims to empower emerging dry bean farmers towards becoming commercial farmers. The project identifies and supports farmers by providing access to mentorship, technical advice, certified seed, fertiliser, chemicals and local and international markets. Farmers are provided with the seed and fertiliser at the start of the growing season and then they make payment for these inputs after the crop has been harvested. The project participants are effectively contract growers, as they know that whatever they harvest will be marketed to the Schoeman Group,' he explained.

'Love for the soil and a true passion for farming is important but not enough. Farmers need someone with experience who can guide them through the pitfalls of the industry,' he said.

### Funding

Regarding funding, the IFDP will be funded from impact capital sources, providing mainly grant funding for the development of farmers. After graduating from the IFDP, emerging smallholder farmers can get access to the Revolving Loan Fund (RLF) in order to upscale their businesses to a commercial level.

The RLF will raise capital from various sources and on-lend it to commercialising farmers in a defined value chain. Capital will be recycled to enhance the reach of the fund. The three sources of funding will be private equity, impact capital and commercial debt.

AGDA will also coordinate cooperation agreements with various industry organisations to provide emerging farmers with enterprise development services such as feasibility studies, preparation of business plans, training and mentoring, technical services, accounting services and project management services.

This funding and support model brings together all the key success factors required to reduce the funding risk to acceptable levels, creating the opportunity to spread the risk among different participants.

AGDA believes that it can make a positive contribution towards growth, inclusiveness and social cohesion in the agricultural sector. It remains committed to driving partnerships and projects that can contribute to improve livelihoods, address poverty, inequality, unemployment and equal access to markets.

'We must integrate, aggregate, facilitate and most importantly, implement our plans,' Dr Phosa stressed.

Grain SA is one of the member organisations partnering with AGDA. One of the programmes that is making great strides in terms of transformation, is the Grain SA Farmer Development Programme.

'The support and mentorship of commercial farmers and the farmer development team at Grain SA, have had an enormous impact on the participants in the Farmer Development Programme. At Grain SA we wish to address food security, but we also want to help generate an income for those who have access to land. We are blessed to be working in a sector that has the potential to contribute to all the pillars of rural development,' Dr Pieter Taljaard, CEO of Grain SA, added. ●

*Collectively we must look at what we have and know and contribute that to grow the sector and the economy*



# GRAANBEMARKING: Wen jy of verloor jy?

Cobus van der Merwe, The Match Exchange

**M**et The Match Exchange maak ons seker dat produsente aan die wenkant is. In ons kort bestaan het ons al vele produsente gehelp om die beste prys vir hulle oes te kry. Maar hoe doen ons dit? The Match Exchange bring 'n nuwe manier van graanbemarking, gefokus daarop om die beste prys vir jou oes te kry.

## Vier maklike stappe

Die eerste stap is om jou eie "winkel" op die toep te skep deur slegs te beskryf waar en wat jy produseer. Ons noem dit 'n MX Scout. Met ons slimtegnologie plaas ons alle kopers in jou winkel wat gereed is om jou oes te koop. Die *magic* is dat jy meer as een winkel kan skep op verskeie plekke – byvoorbeeld op jou plaas, by jou naaste silo of selfs by enige koper se verwerkingspunt. Op hierdie manier verseker jy dat jy altyd die regte prys sal kry.

Stap twee is om 'n MX Lot te skep wanneer jy gereed is om 'n gedeelte van jou oes te verkoop. Hierdie lot bevat meer inligting oor

jou produkte en kan deur al die kopers in jou winkels gesien word. Die wonderlike deel hiervan is dat jy elke koper se prysaanbod kan sien om te vergelyk.

Om die kopers met die beste pryse vir verdere onderhandeling na jou "kantoor" te nooi, is stap drie. Ons noem hierdie plek die onderhandelingskamer. Hier onderhandel jy die 5 P's en 2 Q's totdat jy die perfekte *match* het.

Die vierde stap is wanneer jy die koper met die beste transaksie ontmoet. Ons sal jou help om die transaksie af te handel, insluitend fakturering aan die koper, maontlike aflewering van die produk en om betaling te waarborg.

Heel beste is dat jy 'n MX-makelaar kan aanstel om alle aksies op die toep namens jou te hanteer terwyl jy die proses stap vir stap op jou selfoon dophou. Hierdie stelsel maak seker dat jy altyd aan die wenkant is. The Match Exchange maak dit maklik om jou produkte te bemark en die beste prys daarvoor te kry. ●

## Maak die ketting korter met MX.


Ons tegnologie maak dit moontlik dat boere permanent gekoppel word aan alle kopers wat moontlik in hulle oeste belangstel.



## VOORDELE:

- ✓ Verhoog jou wins
- ✓ Toegang tot baie meer kopers
- ✓ sien die hele mark
- ✓ Verbreed jou bemarkingsopsies
- ✓ MX waarborg betaling\*
- ✓ Ons MX Makelaars maak dit maklik

Whatsapp "MX" na 072 332 2936.  
www.matchmx.com



Merchant West is die grootste privaat maatskappy in Suid-Afrika wat batefinansiering; vlootfinansiering en bedryfskapitaalbefondsing aan korporatiewe, klein en medium besighede en individue aanbied.



# AANVULLENDE FINANSIERING VIR KOMMERSIËLE BOERE

**Ons maak dit vir u moontlik om die landbou-bates te bekom wat u boerdery benodig, asook finansiering te verkry teen afbetaalde landbou-bates.**

**Ons toegewyde landboufinansieringspan kan 'n finansiële oplossing struktureer met buigsame deposito vir die aankoop van konvensionele, infrastruktuur-, industriële, logistieke, tegnologie-, asook water- en energiedoeltreffende bates, soos:**

- Trekkers, stropers, planters, sleepwaens en gewasspuite;
- Silo's, besproeiing, sonkrag, nete, tonnens, sekuriteit, kweekhuise, koelkamers en pakhuse;
- Verpakkingstoerusting, skandeerders, vervoerbande, skale, kouestoorgeriewe, houers, kragopwekkers, ketels en tenks;
- Vragmotors, sleepwaens, voertuie, vliegtuie en vrkhyers; en
- IT-hardeware en sagteware vir presisieboerdery, weerstasies en hommeltuie.

Ons is ook die enigste landboufinansierder wat kliënte finansiering kan bied teen opbetaalde roerende en infrastruktuurboerderybates. Hierdie befondsingsopsies sluit in die verkoop-en-terughuur van bates vir oorbruggingslenings (wat wissel tussen 1 en 5 jaar) wat toegepas kan word om bestaande insetfinansiering, oorbruggingslenings, terugbetaling van aandeelhouerslenings of boerderykapitaalbesteding aan te vul.

Terugbetalings kan ook op 'n maandelikse, kwartaallikse, halfjaarlikse of jaarlikse basis gestruktureer word om in lyn te kom met jou kontantvloei-behoefte.

Ons het kantore in Sandton, Pretoria, Nelspruit, Kaapstad, Port Elizabeth, Durban, George en Windhoek.

\*Bepalings en voorwaardes geld.

**Charl Greyvensteyn**  
Uitvoerende Beampte  
+27(0)82 786 7447  
Charlg@merchantwest.co.za

**Walter Dyson**  
Sektorhoof: Landbou  
+27(0)82 441 6649  
Walterd@merchantwest.co.za

Specialised Finance. By Design. Fast  
[www.merchantwest.co.za](http://www.merchantwest.co.za)







# Beskerm die KAPITAAL in jou LANDBOUGROND

Charl Greyvensteyn, Merchant West Agri

Landbou word geken aan sy wisselvalligheid wat veroorsaak word deur faktore buite die produsent se beheer. Dit sluit dinge in soos klimaatstoestande, buitensporige verhogings in insetkoste, die koste en beskikbaarheid van elektrisiteit, die daling in markpryse weens faktore op wêreldmarkte, grondbesit- en geopolitieke kwessies asook die beskikbaarheid van finansiering in tye van nood.

Om hierdie wisselvalligheid te oorleef, het die produsent toegang tot sy kapitaal nodig om oorbruggingsfinansiering te bekom. Die produsent se kapitaal is meestal vasgevang in plaasgrond en landboustoerusting asook lewendende hawe. Tradisionele kommersiële banke verskaf slegs finansiering mits hulle 'n verband oor die plaasgrond kan bekom. Dit wil sê, in die algemeen word finansiering nie verskaf teen slegs landboustoerusting of lewendende hawe nie. Die maksimum finansiering wat teen plaasgrond bekom kan word, wissel gewoonlik tussen 60% en 70% van die markwaarde van die plaasgrond (lening-tot-markwaarde).

Met die jaarlikse hersiening van leningsfasiliteite word nie net die direkte skuld teen die plaasgrond in berekening gebring nie, maar ook die totale leningsfasiliteite wat aan die produsent voorsien word, soos produksielenings, lewendehawelenings, oortrokke fasiliteite, kredietkaarte, oorbruggingsfasiliteite en batefinansiering. Hierdie addisionele leningsfasiliteite jaag die lening-tot-markwaarde nog hoër op.

Daarby was daar 'n vermindering in die beskikbaarheid van landboufinansieringsfondse oor die afgelope paar jaar, wat meestal toegeskryf kan word aan die afwesigheid van Land Bank-fondse, wat ongeveer R40 miljard se finansiering uit die landbousektor gehaal het. Die kommersiële banke was en is nie in 'n posisie om hierdie groot omvang van finansiering te vervang nie, aangesien hulle 'n konsentrasiebeperking op landboufinansiering het. Dit lei daartoe dat kommersiële banke nou die beste kredietwaardige produsente kan uitkies met die laagste kredietrisiko om binne hulle landboukonsentrasielimiet te bly. Die onbedoelde gevolg hiervan is dat daar nou vanselfsprekend 'n groter geneigdheid is om die lening-tot-markwaarde meer konserwatief te hanteer, wat strenger vereistes bring om nuwe of verhoogde landboufinansiering te verkry.

## Om hierdie wisselvalligheid te oorleef, het die produsent toegang tot sy kapitaal nodig

Die buitensporige verhoging in insetpryse van veral kunsmis, brandstof en plaagbeheer oor die afgelope paar jaar het ook die vraag na insetkostefinansiering verhoog, wat daartoe gelei het dat die produsent se lening-tot-markwaarde-verhouding verswak het.

Buite kommersiële banke, verskaf landboumaatskappye (landboukorporasies) ook 'n groot deel van finansiering, veral produksie- en batefinansieringsfasiliteite. Hierdie landboumaatskappye verkry hulle finansiering by Land Bank, wie se fondse nou opgedroog het, sowel as by kommersiële banke. Hierdie blootstelling by kommersiële banke moet ook binne hulle konsentrasiebeperking vir landbou ingebou word. Dit is dus ooglopend dat kommersiële banke voorkeur sal gee aan hulle eie direkte produsentekliënte. Lenings



Die buitensporige verhoging in insetkoste het die vraag na insetkostefinansiering verhoog.

aan laasgenoemde het boonop groter rentemarges as lenings aan landboumaatskappye.

Hierdie omstandighede skep 'n geleentheid waar niekomsersiële finansiers oftewel alternatiewe finansiers die leemte kan vul. Om hierdie landbouwisselvalligheid te oorleef, moet die produsent die volgende ten sterkste oorweeg:

- » Diversifiseer verskaffers van leningsfasiliteite om die konsentrasie en afhanklikheid van 'n enkele kommersiële bank te verminder, selfs al is dit teen 'n hoër leningskoers of koste. Alternatiewe finansiers kan hier 'n rol speel aangesien hulle nie 'n vereiste het om 'n eerste verband oor plaasgrond te neem nie.
- » Beperk die lening-tot-markwaarde tot 'n konserwatiewe persentasie, rondom 50%, om sodoende makliker addisionele finansiering by 'n kommersiële bank te verkry in tye van nood of waar oorbruggingsfasiliteite of kapitaaluitbreidings benodig word.

Bykomend moet in ag geneem word dat die Suid-Afrikaanse landbousektor noodsaaklik is vir plaaslike voedselsekerheid. Ook van uiterste belang is die sektor se bydrae tot die bruto binnelandse produk (BBP) – die direkte en indirekte verbintenis met landbou dra tot 25% by tot die Suid-Afrikaanse BBP (World Bank, 2023). Voedselsekerheid en die bekostigbaarheid van voedsel asook werkskepping het 'n direkte verband met 'n land se stabiliteit.

Om hierdie omstandighede te verseker, is kommersiële produsente nodig wat volhoubaar boer en 'n gesonde lening-tot-markwaarde-verhouding handhaaf. Jaarliks is daar kommersiële produsente wat uitval, met 'n buitengewoon hoë lening-tot-markwaarde-skulddas as een van die groot bydraende faktore. ●

Oorweeg gerus Merchant West Agri as 'n alternatiewe en aanvullende landboufinansier.



# Arbeid – sien die groter prentjie



Dirk Coetzee,  
arbeidsverhouding-  
spesialis

**S**uid-Afrikaanse produsente tel onder die beste in die wêreld. Ten spyte van besonder uitdagende politieke omstandighede, arbeidskewessies en verskeie ander faktore, voed hulle suksesvol die land se bevolking.

## Struikelblokke

Die meeste van die struikelblokke waarmee produsente gekonfronteer word, word verskans deur verskeie presisieboerderypraktyke toe te pas. Grondontledings word jaarliks gedoen om tekortkominge in die grond te bepaal sodat dit dadelik hanteer en reggestel kan word. Aspekte soos kuddegesondheid en vrugbaarheid word gemeet en onmiddellik reggestel om die prestasie van skaap- en beeskuddes te verbeter. Die meerderheid produsente meet daaglik elke deel van hul boerdery en doen regstellings om dit meer effektief en/of winsgewend te bestuur.

Daar is egter een aspek wat 'n wesenlike verskil in die effektiwiteit van 'n boerdery kan maak, maar slegs deur 'n klein persentasie van produsente gemeet word. Dit is menslike hulpbronne, wat alle werknemers, van algemene werkers tot en met plaasbestuurders, insluit.

Die vraag word gereeld gehoor: My werknemers is oneffektief, maar trap net nie genoeg oor die lyn sodat ek hulle kan straf nie. Wat moet ek doen om hierdie gebrek aan prestasie behoorlik te hanteer?

## Wees ingelig

Die antwoord is effektiewe meetinstrumente en korrekte toepassing van die inligting. Behalwe vir die hoërvlakvoordele soos hierbo genoem, kan die effektiewe bestuur en meting van werknemers se prestasie die laerlakkewessies waarmee produsente op 'n daaglikse basis gekonfronteer word, ook hanteer.

*Die prestasiemeetinstrument kan gebruik word om verminderde loonverhogings en/of bonusse te rasionaliseer*

Alhoewel hierdie proses baie minder in boerderye toegepas word as in korporatiewe omgewings, kan die korrekte implementering daarvan tot wesenlike voordeel vir die produsent lei. Nie net stel dit produsente in staat om die mees effektiewe werkers te behou nie, maar dit help ook om rigting aan werkers te gee om so-doende werkerdoelwitte te bereik. Indien werknemers hul doelwitte bereik, sal dit noodwendig help dat bestuursdoelwitte bereik word. Die landbou-omgewing het so ontwikkel in die laaste paar jaar dat plaaswerkers in staat moet wees om GPS-stelsels en trekkermonitors te kan lees en verstaan. Dit is dus noodsaaklik dat hulle die wil moet hê om te groei om hierdie ontwikkelende rolle effektief te vul.

Die prestasiemeetinstrument kan gebruik word om verminderde loonverhogings en/of bonusse te rasionaliseer. Dit sal ook die kwesie hanteer waarmee baie produsente tans gekonfronteer word: Alle werknemers verdien volgens die Wet op die Nasionale Minimum Loon (Wet No. 9 van 2018) dieselfde, ongeag jare diens, ensovoorts.



Produsente kan nou verskille in salaris ten opsigte van prestasie rasionaliseer en verduidelik, sou hulle daarmee gekonfronteer word.

## Metingstrategie

Alhoewel die meting van prestasie 'n wetenskaplik gefundeerde proses is, kan die strategie soos volg in 'n neutredop uiteengesit word.

- 1. Bepaal die beginpunt:** Werkers se prestasie kan nie gemeet word en daar kan nie bepaal word of verbetering plaasvind indien die huidige prestasievlak van die werknemer nie bekend is nie. 'n Basislyn moet dus eers bepaal word om die werknemer se prestasie en ontwikkeling teen te meet. Hierdie basislyn kan formeel en/of informeel bepaal word, maar die proses moet verkieslik so administratief lig as moontlik wees.
- 2. Gee gereelde terugvoer:** Behoorlike bestuur van menslike hulpbronne is baie meer as om net een maal per jaar vir 'n werknemer terugvoer te gee oor sy prestasie wanneer 'n bonus en/of verhoging gegee word. Prestasiemeting is nie een geïsoleerde gebeurtenis soos byvoorbeeld wanneer wangedrag of afwesigheid hanteer word nie, maar is eerder 'n aaneenlopende proses. Daar behoort deur die jaar vir werknemers gesê te word waar hulle tekortskiet betreffende die sleutelprestasie-areas wat vir hulle gestel is. Hierdie konstante terugvoer sal dadelik tekortkominge aanpak en 'n effektiewe werker verseker. Indien dit nie die geval is nie, sal dit help om dissiplinêr teen die werknemer te kan optree.

3. **Meet die aksie-items:** Gereelde terugvoer is net deel van die som en sal nie enige vrugte afwerp as daar nie behoorlike aksieplanne in plek is om te bepaal of daar wel enige verbetering in die prestasie van die werknemer is nie. Almal ken die stelling "Om te meet is om te weet", maar by prestasie-meting word 'n stap verder gegaan. Dit wat gemeet word, moet aandag kry. As daar net vir 'n werker gesê word dat sy prestasie nie op standaard is nie, maar



Graan SA-fotokompetisie  
– Wian Moolman, September 2020

die tekortkominge word nie aangepak nie, sal die werksmag nie die effektiwiteitsgapings wat geïdentifiseer is, vul nie.

4. **Help die span om die groter prentjie te sien:** Om bloot vir werknemers te sê dat hulle moet verbeter, sal nie noodwendig voldoende wees nie. Help hulle om die groter prentjie te sien. In kort beteken dit bloot dat werknemers die doel en betekenis van hul posisie moet verstaan. Help hulle om die doelwitte wat aan hulle gestel is te bereik en vier dan die bereiking daarvan. Dit sal ook help om ander werknemers aan te moedig om hul doelwitte met nuwe ywer na te jaag.
5. **Gebruik die regte gereedskap:** Gebruik 'n instrument wat werk om werknemers se prestasie te meet en te ontwikkel. Die toepassing van generiese instrumente verseker nie noodwendig die beste resultate nie en laat die toepassing daarvan verwater. Stel die instrument saam volgens die boerdery se behoeftes. Hierdie instrumente sal help om die werksmag en die produsent se eie tekortkominge te identifiseer en sodoende deel te vorm van 'n presisieboerderystelsel.

Effektiewe meetinstrumente en korrekte toepassing van die inligting sal help om 'n produktiewe en gehoorsame werksmag daar te stel. Binne hierdie stelsel word die produsent gehelp om effektiewe meetinstrumente vir sy eie arbeidsmag daar te stel, te implementeer en te evalueer.

Produsente is welkom om die outeur te kontak vir 'n voorbeeld van so 'n prestasie-meetinstrument wat aangepas kan word vir hul unieke boerdery. ●

*Dirk Coetzee is 'n arbeidsverhoudingspesialis wat op Bothaville gesetel is. Indien u enige advies rakende hierdie en/of enige ander menslike hulpbron- of arbeidsverhoudingskwestie het, skakel hom gerus by 082 443 0296.*

**IMPAC**  
*Cropsure*

**IS JOU GRANE  
VERSEKER?**

Niemand kan die toekoms voorspel nie,  
maar ons kan dit vir jou beskerm

#### INKOMSTEWAARBORG

Hierdie versekeringsprodukt is gegrond op 'n gewaarborgde inkomste en verseker die produsent teen randwaarde per hektaar.

Twee veranderlikes word dus tydens eise in berekening gebring naamlik: Prys (SAFEX) en Opbrengs (Ton). Dekking is vir Mielies, Sonneblom en Sojabone.

#### WATTER SOORT SKADE WORD GEDEK?

Droogte, Brand, Hael, Transito, Vloed, Oormaat Reën, Onbeheerbare plantsiektes en -insekplae, Oormatige hittegolwe en Ryp.

#### IS ALLEENSTAANDE HAELDEKKING BESIKBAAR?

Ja, iMPAC Cropsure bied ook alleenstaande haelversekering.

#### GEWASSE HIERONDER GEDEK SLUIT IN:

Mielies, Graansorghum, Sonneblom, Sojabone, Droëbone, Grondbone, Aartappels en Katoen.

#### WAT IS WINTERGEWASSE?

Koring, Gars en Hawer.

#### WATTER SOORT SKADE WORD GEDEK?

Hael, Brand en Transito, asook Ryp indien ingesluit.

Vir meer inligting kontak u agent of iMPAC Cropsure: +27 [0] 12 010 0697 [info@impaccropsure.co.za](mailto:info@impaccropsure.co.za)



# Now you can run your farm without interruptions

If you're considering renewable energy solutions for your business, Absa's Green Asset Finance is here to guide you forward.



Scan the QR code  
and let us show  
you the way

Authorised Financial Service Provider Registered Credit Provider Reg No NCRCP7



# Preserve cash and support your business through asset financing

Loffie Brandt and Marlene Louw, Absa

From 2020 to 2022, agriculture was the star of the economic show in South Africa. This was largely underpinned by bumper summer grain and oilseed harvests, further buoyed by record prices. Individual financial results in these sectors, and other metrics such as machinery sales, are also a testament to the favourable conditions that prevailed during this time (see **Graph 1**).

In response to strong financial results, agricultural producers are often inclined to invest in assets and technology by drawing on cash accumulated during these favourable times. Another consideration is the increased intensity and frequency of load-shedding. In an environment where investment in renewable energy is increasingly becoming a necessity, producers might also consider using their stronger cash position to ensure reliable energy and mitigate the risk associated with this.

## Production and market conditions remain highly uncertain

Although grains and oilseeds have been key in the performance of the agricultural sector over the past few years, volatility in these markets has also highlighted the elevated uncertainty that agricultural markets and the global economy have endured over the last 24 to 36 months. The factors driving uncertainty ranged from the effects of the pandemic to the outbreak of war to climate issues, to name but a few.

To draw this closer to home, agricultural producers faced challenging production circumstances due to concerns around fertiliser availability, flooding, unrest and – more recently – seed shortages for selected oilseeds. These effects were further exacerbated by constrained port capacity, limiting opportunities to capitalise on favourable prices and the current bumper harvest on land.

Although some of these constraining factors are abating, new factors such as intensified load shedding, as mentioned, are emerging. Absa's view is therefore that heightened levels of uncertainty would be a key feature of the global and local agricultural and food value chain landscape for the foreseeable future.

*Producers might consider using their stronger cash position to ensure reliable energy and mitigate the risk associated with this*

## Cash is king

In the context of continuing uncertain times, as explained above, asset financing, as opposed to cash purchases of assets, could serve as a good strategy for agricultural producers. This allows for access to accumulated cash reserves, which can in turn be utilised for working capital or drawn upon in the case of an emergency. If this cash was, however, tied up in an asset, producers with cash flow constraints or other emergencies, would be required to realise assets when a problem arises.


## Balance sheet considerations

Maintaining a healthy balance sheet is also essential for producers to ensure the long-term sustainability of their businesses and to position themselves for growth. To ensure producers are positioned to exploit opportunities as they arise, a strong equity position is imperative.

## Asset financing products on offer

Absa provides a range of financing options to agricultural producers. These include term loans designed to facilitate the acquisition of long-term assets such as land, and short-term credit used for working capital. For medium-term financing, Absa has loans for machinery and equipment and financing products specifically tailored for investment into renewable energy.

For investment into machinery, Absa is proud of a long-term relationship with John Deere Financial, where clients have access to favourable rates and financing terms. For investment into renewable energy, Absa has green asset finance products through which producers can also access favourable rates. Alternatively, renewable energy projects can be financed through a term loan, where the term ranges between seven and ten years and pricing is risk profile-dependent where payments are structured to suit the producer's cash flow position. ●



**Graph 1: Six-month moving average of equipment sales in South Africa – high sales levels during 2021 and 2022 signal stronger cash positions of producers.**

Source: South African Agricultural Machinery Association



**Heleen Viljoen,**  
landbou-ekonomiese, Graan SA,  
heleen@grainsa.co.za

# Opname wys wat insette produsente gekos het

**G**raan- en oliesadeprodusente raak toenemend bekommerd oor tendense in insetkoste. Insette is 'n graanprodusent se grootste belegging in sy oes. Dit is ook die grootste uitgawe. Pryse wat produsente vir insette betaal, is dikwels ondeursigtig en kan wisselvallig wees.


Graan SA monitor deurlopend plaaslike sowel as internasionale insetpryse met die doel om deursigtigheid in die mark te bevorder, en sodoende lede te bemagtig om internasionaal te kan meeding. Graanprodusente in somerreëvalgebiede het in die afgelope plantseisoen deelgeneem aan 'n opname wat produsentepryse met die gemiddeldes van elke omliggende area vergelyk. Van die resultate van die opname word in hierdie artikel bespreek.

### Landbouchemikalieë


Die landbou- chemiese mark in Suid-Afrika is allesbehalwe deursigtig. Toegang tot pryslyste of prysaanduidings van maatskappye is feitlik onmoontlik om te bekom. Graan SA is in die proses om markdeursigtigheid te bevorder. Graan SA-lede is deel van 'n globale graan- en oliesadebedryf en as hulle nie die regte pryse vir hulle landbouchemikalieë betaal nie, kan hulle nie meeding nie.

**Grafiek 1** toon die gemiddelde prys (R/ℓ) wat produsente vir Roundup Powermax betaal het. Die gemiddelde produsenteprys vir Roundup Powermax in somersaaigebiede was R171,11/ℓ. Van die 19 produsente het 47% meer as hierdie gemiddeld betaal. Daar is opgemerk dat produsente in die oostelike gebiede en die Noord-Kaap geneig is om meer as die gemiddelde prys vir die produk te betaal.

Deelnemer 1 en 2 produseer hoofsaaklik in die suide van die Noordwes-provinsie. Daar is 'n 16%-prysverskil tussen die pryse wat dié deelnemers onderskeidelik in Desember 2022 en Januarie 2023



**Grafiek 1: Produsenteprys betaal vir Roundup Powermax in die 2022/2023-produksieseisoen.**  
Bron: Graan SA



Grafiek 2: Produsenteprys betaal vir PAN 1521R in die 2022/2023-produksieseisoen.

Bron: Graan SA

vir die produk betaal het. Dit is in teenstelling met internasionale tendense wat aangedui het dat landbou- chemiese pryse skerp afgeneem het.

## Saad

Naas kunsmis is saad 'n somergraanprodusent se grootste insetkoste en saadpryse is beslis die koste waarmee produsente hierdie seisoen die meeste worstel. **Grafiek 2** toon die produsentepryse betaal vir sojaboonsaad (PAN 1521R) in die 2022/2023-produksieseisoen. Die grafiek visualiseer die groot variasie tussen pryse wat produsente vir sojaboonsaad betaal het. Area 5 verteenwoordig die area tussen Koster, Brits en Ogies; area 6 strek van Lydenburg na Ermelo; area 2 verteenwoordig Bultfontein; en area 3 is tussen Hoopstad, Hennenman en Bothaville.

*Graan SA monitor  
deurlopend plaaslike sowel  
as internasionale insetpryse*

Een van die waarnemings wat gemaak is, is dat produsente wat saad vir saadproduksie aangekoop het minder as die gemiddelde pryse betaal het. Die opname het verder aan die lig gebring dat die spesifieke kultivar se pryse in die Bultfontein-omgewing oor

die algemeen hoër was as die somerstreek- gemiddelde prys van R584,30/140 duisend pitte (DP). Die hoogste pryse is egter betaal deur produsente in die ooste van die land.

## Samevatting

Suid-Afrika se somergraanprodusente was in 2022 uitgelewer aan besonder hoë insetkoste wat winsgewendheid geknou het. Tesame met die monitoring van internasionale prystendense, is dit belangrik om deursigtigheid in die mark te bewerkstellig. Die Roundup Powermax- en sojaboonsaadpryse wat bespreek is, is slegs twee voorbeelde van insetkoste.

Om af te sluit met 'n finale gedagte: Gedurende 'n gegewe plantseisoen word daar nie net een landbou- chemiese produk op die lande gebruik nie; 'n produk word nie net een keer gebruik nie, en wanneer die produk gebruik word, word daar nie net een liter of kilogram gebruik nie. Klein verskille in pryse kan lei tot groot koste wat elders meer effektief aangewend kon word. ●

Die resultate van die opname is aan deelnemers gestuur tesame met die volledige datatabelle vir elke area. Vir enige verdere inligting, kontak gerus vir Heleen Viljoen deur 'n e-pos te stuur na [heleen@grainsa.co.za](mailto:heleen@grainsa.co.za).

# CUTWORM MANAGEMENT: *Are producers getting it right?*



Hiresh Ramanand,  
stewardship coordinator,  
CropLife South Africa

There are several *Agrotis* cutworm species (Lepidoptera: Noctuidae) present in South Africa, namely black cutworm (*Agrotis ipsilon*), grey cutworm (*Agrotis subalba*), brown cutworm (*Agrotis longidentifera*), spiny cutworm (*Agrotis spinifera*) and the common cutworm (*Agrotis segetum*). The common cutworm is the most prominent and economically important species present in South Africa. The larvae (**Photo 1**) are dirty-grey or brown in colour with a smooth, waxy appearance.

### Why it is important to get cutworm management right

- » Larval feeding can result in severe damage to crops during the seedling stage.
- » The larvae move from one seedling to another, cutting and destroying the stems of seedlings close to ground level (**Photo 2**), often resulting in death.
- » One larva can damage numerous plants in a single night.
- » If outbreaks occur, replanting of the crop often has to be done.
- » These larvae are active at night and during the day they can be found close to the soil surface near dead seedlings.
- » Damage resulting from cutworm is not only restricted to seedlings. Plants at the four-leaf stage or older may also be damaged.
- » This damage in older plants can be identified as round holes into the stem, just below the soil surface.

### Why producers need to scout

- » Scouting constitutes one of the best weapons producers have in their arsenal to combat cutworm.
- » Emerging crop seedlings must be continuously inspected for signs of cutworm, preferably twice per week, and treated when necessary.
- » Scouting post spraying is vital to determine if the initial application was successful or if a second application (depending on the label of a product) is required.
- » Producers who apply insecticides at planting must also scout to determine if control has been achieved.
- » The edges around bare regions should be inspected by producers for recently 'cut' plants. In addition, the top 5 cm of soil should be thoroughly searched for larvae.
- » Where any notched, wilted, dead/cut weed or crop seedlings are observed, one should start digging around roots of the plants to identify cutworm larvae.

### Management strategies

#### Genetically modified maize (Bt)

While genetically modified (Bt) maize is effective against stalk borers, it is ineffective when it comes to cutworm. The reason is simple – cutworm and stalk borers are different species. Cry proteins in Bt maize are species specific. In addition, as with insecticides,

the size of the larvae being treated is crucial. Therefore, the bigger the larvae, the less effective the cry proteins. Cutworm larvae that target maize seedlings are generally large, late-instar larvae (Photos 1 and 2). Producers must be vigilant of any seed companies claiming that the Bt gene will control cutworm larvae – this is patently false based on the reasons highlighted above, as well as the fact that there are no registrations under Act No. 36 of 1947 in this regard.

#### Controlling weeds – why is it necessary?

Weed control through the responsible application of registered herbicides according to label instructions prior to planting, is an effective method to manage cutworm larvae. The reason is that newly hatched cutworm larvae rely on weeds for a food source when crops are not available. In general, a minimum of 35 weed free days prior to planting (where practically possible) is required in order to starve larvae. While producers may not have weeds at the time of planting, the presence of weeds four to five weeks prior will exacerbate cutworm issues.

Producers who plant maize cultivars with herbicide tolerance, would likely have to wait for seedling emergence before applying an herbicide. This is also true for insecticides.

#### Insecticides and the resistance question regarding pyrethroids

Applications of suitably registered pyrethroids and organophosphates (according to label instructions) are considered effective in controlling cutworm larvae. However, during the 2020/2021 growing season, reports of extremely high infestation levels of cutworm were received from the Wasbank region in KwaZulu-Natal (KZN), where maize fields were planted under no-till. In addition, similar reports were also received from the Bothaville region in the Free State. Producers believed that cutworms had developed resistance against pyrethroids because the same lambda-cyhalothrin treatment strategy used effectively in previous seasons against cutworm, was no longer effective. However, Dr Gerhard Verdoorn, CropLife SA operations and stewardship manager, questioned this assumption. 'I was not convinced, because it was a sudden widespread outbreak and it followed a period of very good rain after the prolonged drought we had,' he said.

During the 2021/2022 growing season, media reports highlighted the serious damage cutworms had caused to maize, potato and other vegetable crop fields. Where producers again suspected resistance, entomologists agreed with Dr Verdoorn. It was found that the damage being witnessed was a result of cutworms changing their behaviour by remaining and foraging below the soil surface. The sudden behavioural change was attributed to the very wet conditions that prevailed across most of the summer rainfall areas in the country. Some producers had no choice but to replant much of their crops; whereas





**Common cutworm larva.**  
Photo: [http://www.pyrgus.de/Agrotis\\_segetum\\_en.html](http://www.pyrgus.de/Agrotis_segetum_en.html).



**Characteristic cutworm larva damage to a seedling.**  
Photo: Clemson University – USDA Cooperative Extension Slide Series, Bugwood.org

potato and vegetable producers who experienced significant damage during the advanced growth stages, were unable to replant.

After numerous discussions with producers, Dr Verdoorn came to realise that this issue was likely due to the application method and crop residues, together with the amount of rain received. In general, it is common practice for producers to do a chemical mow-down with glyphosate before planting where a pyrethroid (mostly lambda-cyhalothrin) is mixed in for cutworm control. Dr Verdoorn suspected that a pyrethroid mixed with glyphosate might not be a good option, since the molecules may possibly interact or damage each other. Given that the producers affected were practicing no-till, cutworms likely escaped any pyrethroid that would have passed through the crop residues onto the soil surface during the very wet weather conditions experienced in the summer rainfall regions.

### *Damage witnessed was a result of cutworms changing their behaviour by remaining and foraging below the soil surface*

'The practice of mixing a pyrethroid and glyphosate, the crop residues, the wet soil and a lepidopteran explosion thus made life difficult for no-till producers and easy for the cutworms.' He further provided an example of a producer who converted from no-till to tillage well before planting in order to clear out weeds prior to applying lambda-cyhalothrin not mixed with glyphosate. 'The producer had virtually no damage, whereas his neighbours who continued with no-till and some with tilling, but who used the lambda-cyhalothrin and glyphosate mix, had up to 80% damage. I hypothesise that tilling has a certain effect on cutworms, and tank mixes may contribute to ineffective control,' he said.

The impact of soil cultivation differs for various pest species. In this instance, cultivation removes the host plants, whereas for stalk borers, the result is direct injury. Thus, timely soil cultivation to remove weeds will have an effect on cutworms since the action removes the host plants, and therefore their food. A switch from no-till to minimum tillage in the form of ripping (as suggested by some) would have no effect on cutworm.

Cutworm resistance to certain pyrethroids has been a hot topic in pest management of late. What is becoming clear, is that cutworm resistance to pyrethroids does not seem to be the issue. It is also clear that producers practising conventional tillage are able to better manage cutworm with no reports to date. A switch from no-till to minimum tillage in the form of ripping is unlikely to have a profound effect. Therefore, it appears as if the problem lies with the crop residues preventing the spray mixture from reaching the larvae in sufficient amounts to bring about appreciable control. This then also leads one to question whether the practice of mixing lambda-cyhalothrin and glyphosate should be recommended in

no-till operations. Unfortunately it is not as simple as just changing to cypermethrin or deltamethrin either because from a chemistry perspective, questions still remain:

- » Do these molecules react differently in tank mixes?
- » Is it a timing issue affecting the efficacy of the active ingredient?
- » Is it irresponsible tank mixing where label instructions are not followed?

Given Dr Verdoorn's vast experience in the field of organic chemistry, he attempted to put the puzzle pieces together based on current knowledge. He noted that glyphosate in its pure form is a glycine acid which may be used as pure acid in some glyphosate herbicides, but may also be used in potassium, sodium isopropylamine or various ammonium salt forms in the herbicide formulations. The specific species of glyphosate used changes the acidity or pH of the spray mixture, which in itself may affect the pyrethroid molecule.

'Most pyrethroids do not tolerate low pH well and pure glyphosate in water drops the pH down to 1,9; that is practically lethal to a pyrethroid molecule,' he added. There is also a strong possibility of forming binary complexes between a glyphosate molecule and a pyrethroid where the two molecules bind through strong Van der Waals bonds; this can effectively deactivate both molecules.

'The glyphosate molecule may also interfere with the pyrethroid product's formulation by destabilising emulsifying agents, thus rendering the spray mixture ineffective against target insects.' He agreed that irresponsible tank mixing is a cause for concern: 'Worst of all is where a real home brew with as many as seven products, including nutrients, are mixed in a spray tank. It is unfathomable why some think it wise to stoop to this level of alchemy and then complain that products do not work,' he concluded.

### **Conclusion**

Cutworms have been relatively well managed in the past, but as with everything in life, nothing remains constant forever. Given the current information available, it appears that the problems in managing cutworm outbreaks in no-till systems may either be due to (1) tank mixes; (2) crop residues limiting pyrethroid contact with cutworms foraging below the soil surface due to the wet conditions; (3) timing of weed control, or (4) a combination thereof. Empirical evidence is required to accurately pinpoint the problem(s).

Producers must also ensure that they are strictly adhering to label instructions without deviation in any manner whatsoever when applying a pyrethroid. The label of a pesticide product is the law in terms of Act No. 36 of 1947. At present, the Insecticide Resistance Action Committee (IRAC) believes that there are no resistance issues given the available information. However, the committee remains vigilant. Finally, producers are encouraged to keep records of pest experiences linked to climatic conditions in order to better anticipate and prepare for problems in following seasons. ●

*Producers requiring further advice or information should reach out to CropLife SA at [info@croplife.co.za](mailto:info@croplife.co.za).*

# NOURISHED BY NATURE, LOVED BY YOU

Judy Erasmus, on behalf of R E Groundnuts

**A**t R E Groundnuts we shell and grade Spanish-type groundnuts mainly for the supply of the local South African market. An integral part of our business is sourcing the best quality peanuts from local producers and we pride ourselves on developing long-lasting relationships with our farmers.

With an excellent reputation among the farming community, these relationships that are built ensure the continuity of groundnut crops produced from dryland and irrigation areas. We are a role-player in offering added value to the business of our contract farmers that plant top quality groundnut crops exclusively for R E Groundnuts. Some of the value we offer to interested farmers includes financing of seed and chemicals.

R E Groundnuts has one of the industry's leading processing plants for groundnuts in South Africa. We are also proud of our

peanut butter and roasted peanut plant that we supply our harvested crop to – from the farmer to the table.

Our plant adheres to all health and safety standards and to the ISO22000 food quality and safety system to ensure that all necessary quality standards are met for inland and export standards. ●

*Should you be interested to become one of our farmers for the next season, contact us at [admin@regroundnuts.co.za](mailto:admin@regroundnuts.co.za) or call 083 632 3303 or 056 343 2892.*



## GROWING TO SERVE YOU BETTER!

Your value adding Partner in Farming

Groundnuts / Popcorn

Should you be interested in becoming part of our Growing Future and products range, please be in contact



T: +27 (56) 343 2892 | C: +27 083 632 3303  
[admin@regroundnuts.co.za](mailto:admin@regroundnuts.co.za)  
[www.vamara.com](http://www.vamara.com)

RE Groundnuts building, R59 Bothaville Road,  
 Huntersvlei, Viljoenskroon, 9520

# Sonneblombasters wat volle gemoedsrus gee



AGSUN 5103CLP  
AGSUN 5106CLP  
AGSUN 5108CLP  
AGSUN 5109CLP

*Clearfield®Plus is 'n geregistreerde  
handelsmerk van BASF.*

## KONVENSIONEEL

AGSUN 8251  
AGSUN 5270  
AGSUN 5278  
AGSUN 5273



Opbrengsstabiliteit



Staygreen-eienskap



Saadvulvermoë



Siekteweerstand



Agronomiese eienskappe



Aanpasbaarheid

[www.agricol.co.za](http://www.agricol.co.za)

13/04/2023

# Hoekom verhandel mielies so ver van uitvoerpariteit?



**Heleen Viljoen**,  
landbou-ekonomiese konsultant, Graan SA,  
heleen@grainsa.co.za

**G**edurende Mei-maand van elke jaar begin die mielie-bemarkingsjaar op 'n skoon bladsy. Die 2022/2023-bemarkingsjaar was vir seker vol opwinding en onvoorsiene fundamentele faktore wat die mark beïnvloed het. Met die uitbreek van die oorlog tussen Rusland en die Oekraïne asook droogtetoestande in groot mielieproduserende lande was internasionale én binnelandse pryse wisselvallig. Die 2023/2024-mielie-bemarkingsjaar het pas afgeskop met groot onsekerheid oor wat met pryse gaan gebeur, wat bemarkingsbesluite bemoeilik.


### Pariteite

Wit- en geelmielies is substituuatprodukte en hul prysbewegings beïnvloed mekaar. **Grafiek 1** toon die geelmieliepariteite vir graan gelewer in Randfontein.



**Grafiek 1: Pariteite vir Safex-geelmielies gelewer in Randfontein.**

Bron: Graan SA



**Grafiek 2: Maandelikse geelmielie-uitvoertempo.**

Bron: Eie samestelling; SAGIS

Sedert November 2022 het plaaslike Safex-geelmieliekontrakpryse verder en verder van die uitvoerpariteit-maatstaf af begin daal, tot op 'n punt in April waar geelmieliekontrakte meer as R1 000/ton onder uitvoerpariteit verhandel het.

Volgens teorie verteenwoordig uitvoerpariteit die laagste pryspunt waarteen uitvoere gestimuleer word, met ander woorde, die pryspunt waar binnelandse pryse aantreklik raak in die buiteland. Fundamenteel is daar verskeie faktore wat pryse weg van uitvoerpariteit kan laat beweeg, onder meer die volgende: 'n surplus van voorraad in die binneland; 'n verswakking in die rand/dollar-wisselkoers; skielike stygings in internasionale pryse asook 'n afname in uitvoervolumes.

### Faktore wat mieliepryse beïnvloed

Sedert November 2022 het plaaslike mieliepryse hoofsaaklik druk ervaar as gevolg van die volgende fundamentele faktore: Eerstens het diepseegeelmielie-uitvoere aansienlik afgeneem sedert einde Oktober 2022, behalwe vir een skip wat in Februarie na Japan gevaar het. Tweedens moes plaaslike mielies met goedkoper internasionale mielies kompeteer, wat pryse afwaarts forseer het.

Suid-Afrika se vermoë om graan te kan uitvoer, is van deurslaggewende belang om plaaslike pryse te stabiliseer. Indien daar nie gebruik gemaak kan word van die land se "uitlaatklep" nie, plaas dit aansienlike druk op binnelandse pryse. Met die toename in witmielie- sowel as sojaboonuitvoere in die laaste bemarkingsjaar, moes geelmielies kompeteer vir uitvoerpleuwe by die hawens. **Grafiek 2** vergelyk die 2022/2023-bemarkingsjaar se maandelikse uitvoertempo met dié van vorige seisoene. Dit is opmerklik dat geelmielie-uitvoere tussen November 2022 en Februarie 2023 aansienlik afgeneem het teen-

## 1 BEREKENING OM DIE WAARDE VAN DIE MIELIES TE BEPAAL GEWEWE DIE AANKOOPTENDERPRYS IN SUID-KOREA.

	SUID-KOREA	SAFEX YM MEI 2023	SAFEX YM JUL 2023	VERSKIL MEI	VERSKIL JUL
Suid-Korea-tenderprys (\$/ton)	\$300	\$250,64	\$248,87	-\$49,36	-\$51,13
Vervoer Durban na Suid-Korea (\$/ton)	\$38	\$38	\$38		
+ Premie (\$/ton)	\$10	\$10	\$10		
VAB Durban-hawe (\$/ton)	\$288	\$238,64	\$236,87	-\$49,36	-\$51,13
Wisselkoers (R/\$)	R17,62	R17,62	R17,62		
SA VAB Durban-hawe (R/ton)	<b>R4 792,64</b>	<b>R3 922,92</b>	<b>R3 891,73</b>	<b>R869,72</b>	<b>R900,91</b>
Hawe-inlaaikoste (R/ton)	R226,14	R226,14	R226,14		
*Vervoer Randfontein na Durban (R/ton)	R600	R600	R600		
**Randfontein-prys (Safex-prys) (R/ton)	<b>R3 966,50</b>	<b>R3 096,78</b>	<b>R3 065,59</b>	<b>R869,72</b>	<b>R900,91</b>

Bron: Internasionale Graanraad; SAGIS; Graan SA; eie berekening

\* standaardspoorvragkoste

\*\* berekening sluit nie winsmarges en finansieringskoste in nie

VAB = vry-aan-boord-prys

oor die vorige seisoen, sowel as teenoor die vyfjaargemiddeld. Die afname in geelmielie-uitvoere het plaaslike pryse negatief beïnvloed. Dit plaas net weer klem op die belangrikheid en groot invloed van logistieke infrastruktuur en funksionerende hawens in die plaaslike graanmark.

### *Suid-Afrika se vermoë om graan te kan uitvoer, is van deurslaggewende belang om plaaslike pryse te stabiliseer*

In die internasionale markte het Mexiko tussen November 2022 en April 2023 die grootste hoeveelheid mielies aangekoop, grotendeels van Amerika af. Ongelukkig was daar geen prysinligting beskikbaar vir Amerikaanse verkope aan Mexiko nie. Die tweede grootste koper in die mark vir hierdie periode was Suid-Korea, waarvan 'n groot gedeelte van Suid-Afrikaanse geelmielies tradisioneel uitgevoer word. **Tabel 1** toon die kompetendheid van Suid-Afrikaanse geelmielies in die wêreldmark, gegrond op die aankoop-pryse van Suid-Korea vir lewering in Mei en Julie 2023.

Die werklike prys waarteen Suid-Afrika se geelmielies moes kompeteer, word bereken op R3 966,50/ton. As hierdie prys vergelyk word met die nuutste Safex-geelmielieprys op Grafiek 1, was daar op 5 April slegs 'n R23,50/ton verskil tussen die pryse. Hoewel

Grafiek 1 Suid-Afrika se kompetendheid teenoor Argentinië en Amerika meet, is daar in die werklike mark gekompeteer teen pryse wat Suid-Korea betaal.

### **Gevolgtrekking**

Plaaslike prysbepaling word deur verskeie faktore beïnvloed. Aan die begin van April moes somergraanprodusente bemarkingsbesluite neem vir die huidige seisoen. Met mieliekontrakpryse wat ver onder uitvoerpariteit beweeg het, was besluitneming aansienlik moeiliker. Suid-Afrika is 'n netto uitvoerder van mielies en wêreld-pryse het dus 'n beduidende invloed op plaaslike prysbewegings.

Diepseegeelmielie-uitvoere het aan die begin van die jaar aansienlik afgeneem teenoor vorige seisoene om spasie te maak vir verhandeling van ander kommoditeite. Suid-Afrika se "uitlaat-kleppe" (hawens) is oorlaai met die grootmaatgraan wat oor die laaste drie seisoene daardeur moes beweeg en dit oefen druk uit op binnelandse pryse. Graan SA plaas 'n groot fokus op die verbetering van uitvoerlogistiek en sit klem op die bewusmaking van die effek wat dit op produsente en Suid-Afrika het. ●

### **Vrywaring**

Sover moontlik is alles gedoen om die akkuraatheid van hierdie inligting te verseker. Graan SA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige skade of verliese wat gelyk word as gevolg van die gebruik van die inligting nie.

# Só presteer die NOK in die 2021/2022-seisoen



**Petru Fourie,**  
landbou-ekonomiese en  
navorsingskoördineerder,  
Graan SA

Suid-Afrika het 'n uitstekende begin tot die 2021/2022-seisoen gehad, met oordrag-grondvog en wydverspreide reën gedurende Oktober en November 2021 wat verseker het dat mielieprodusente twee tot vier weke vroeër as gewoonlik met aanplantings kon begin. Alhoewel goeie weerstoestande tot November en Desember 2021 voortgeduur het, het sekere produksiegebiede oormatige reën ontvang wat opbrengste negatief beïnvloed het.

Die nadelige gevolge van die oormatige somer-reën is egter grootliks versag deur 'n warmer en droër Januarie en Februarie 2022, wat bevorderlike groei-

toestande vir die gewasse gebied het. Uitgesluit die 2022/2023-produksieseisoen, is die 2022-mielie-oes die derde grootste oes wat nog ooit in Suid-Afrika geproduseer is en die derde agtereenvolgende jaar van meer as 15 miljoen ton mielies. Die sojaboones is ook die grootste oes wat nog ooit in Suid-Afrika geproduseer is.

In hierdie artikel word 'n oorsig van die verloop van die oesskatting vir die 2021/2022-produksieseisoen (pas afgelope seisoen) gegee. Daar word gepoog om te kyk hoe die Nasionale Oesskattingskomitee (NOK) sedert die bekendmaking van die eerste produksieskatting (Februarie 2022) tot die finale oes (Februarie 2023) vir mielies, sojabone en sonneblomme verander en afgewyk het. Die bekendmaking van akkurate en tydige inligting is van kardinale belang aangesien dit onder meer 'n direkte impak op prysvorming in die vrye mark het.



**Grafiek 1: Witmielies: Maandelikse produksieskattings versus finale skatting (2021/2022-produksieseisoen).**



**Grafiek 2: Geelmielies: Maandelikse produksieskattings versus finale oes (2021/2022-produksieseisoen).**

## Verloop van die 2021/2022-produksieseisoen


### Witmielie-oes

In **Grafiek 1** kan die maandelikse produksieskattingsyfers vir witmielies soos bekendgemaak deur die NOK, vanaf die eerste skatting (Februarie 2022) tot die finale skatting (November 2022) gesien word. Die rooi lyn dui die gerealiseerde witmielieproduksiesyfer aan soos dit gedurende Februarie 2023 vrygestel is. Die verskil tussen dié gerealiseerde syfer en die maandelikse skattings is duidelik sigbaar.


Die NOK het 'n puik taak verrig deurdat die impak van goeie weerstoestande so gou moontlik aan die mark deurgegee is. Die eerste skatting in Februarie 2022 was 7,535 miljoen ton terwyl die werklike grootte van die finale oes 7,850 miljoen ton (soos op 9 Februarie 2023 bekendgemaak) beloop het. Die NOK se witmielieskattings was deurentyd grotendeels binne die voorgestelde norme (binne 5% akkuraatheid van die finale oes) – 'n uitstekende prestasie.

### Geelmielie-oes


In **Grafiek 2** kan die maandelikse produksieskattingsyfers vir geelmielies waargeneem word. Oor die algemeen is beter as verwagte geelmielie-opbrengste behaal; dus het die geelmielie-oes maandeliks verhoog. Dieselfde as by witmielies, is die geelmielie-oes onderskat weens die beter as verwagte opbrengste.



Grafiek 3: Totale mielies: Maandelikse produksieskattings versus finale oes (2021/2022-produksieseisoen).



Grafiek 4: Die % oor/onderskatting van die mielie-oes teenoor die beraamde finale oes (2021/2022-produksieseisoen).



Grafiek 5: Sojabone: Maandelikse produksieskattings versus finale oes (2021/2022-produksieseisoen).

Die NOK se eerste skatting in Februarie 2022 vir geelmielies was 6,993 miljoen ton. Soos die gunstige landboustoestande in die vernaamste produserende dele van die land voortgeduur het, het die verwagte geelmielie-opbrengste ook toegeneem. Die komitee het die verwagte geelmielie-oes vanaf sy eerste skatting tot die werklike grootte van die finale oes (7,620 miljoen) met 'n drastiese 627 150 ton verhoog.

### Totale mielie-oes

In Grafiek 3 kan die maandelikse produksieskattingsyfers vir totale mielies gesien word. Met die geelmielie-oes wat onderskat is, het dit meegebring dat die totale mielie-oes ook oor die algemeen onderskat is.

### Norm waarbinne die NOK moet skat

In Suid-Afrika het die graanbedryf 'n norm/grens vir die NOK gestel waarbinne die oesskattings moet wees, naamlik om vanaf die eerste tot die vierde skatting (Februarie tot Mei) nie meer as 8% vanaf die finale oes af te wyk nie en om vanaf die vyfde tot die finale skatting (Junie tot November) nie meer as 5% vanaf die finale oes af te wyk nie. Grafiek 4 dui die boonste en onderste aanvaarbare norme/grense waarbinne die NOK moet wees, aan. Indien die skatting (syfer) op 'n groter afwyking as die toelaatbare norm/grens dui, kan daar by retrospeksie na 'n oor- of onderskatting verwys word.

*Die NOK het 'n puik taak verrig deurdat die impak van goeie weerstoestande so gou moontlik aan die mark deurgegee is*

In die grafiek kan gesien word dat die afgelope seisoen se wit- en geelmielieproduksieskattings uitsonderlik goed geskat is en dat die komitee binne die gestelde norme/grense was. Dit bring verder mee dat die totale mielie-oes vanaf die eerste tot die finale skatting uiters goed geskat is en tussen die voorgestelde norme/grense beweeg het.

### Sojabone


Grafiek 5 toon die maandelikse produksieskattingsyfers vir sojabone. Die sojaboonoes is vanaf die eerste tot die vyfde produksieskatting onderskat, waarna dit baie naby aan die gerealiseerde sojaboonproduksiesyfer was. Die eerste skatting in Februarie 2022 was 1,821 miljoen ton, maar soos gunstige landboustoestande voortgeduur het, het die verwagte sojaboonoes toegeneem waarna dit sywaarts beweeg het. Die komitee het die verwagte sojaboonoes vanaf sy eerste skatting tot die werklike grootte van die finale oes (2,230 miljoen ton) met 408 600 ton verhoog.

Met die norme/grense wat reeds by mielies verduidelik is, is dit opmerklik dat die NOK meer uitdagings met sojabone as mielies tydens die skattings ervaar het. Die komitee het die eerste vyf produksieskattings buite die voorgestelde norme geskat, waarna hulle uiters goed begin presteer het deur binne die norme te beweeg (Grafiek 6 op bladsy 54). Die tendens geld ook die terugvoer soos van produsente ontvang dat daar oor die algemeen beter opbrengste as verwag gestroop is. Produsentedeelname om dié skatting te verbeter is uiters belangrik en Graan SA doen 'n beroep op produsente om deel te neem.


### Sonneblom

Grafiek 7 (op bladsy 54) toon die maandelikse produksieskattingsyfers vanaf Februarie tot November vir sonneblomsaad. Die NOK se eerste skatting vir die sonneblomsaadoes ►

## ← SÓ PRESTEER DIE NOK...



Grafiek 6: Die % oor/onderskating van die sojaboones teenoor die beraamde finale oes (2021/2022-produksieseisoen).



Grafiek 8: Die % oor/onderskating van die sonneblomoes teenoor die beraamde finale oes (2021/2022-produksieseisoen).



Grafiek 7: Sonneblom: Maandelikse produksieskattings versus finale oes (2021/2022-produksieseisoen).

☞ (Februarie 2022) was 914 350 ton; die komitee het die verwagte oes vanaf sy eerste skatting tot die werklike grootte van die finale oes (845 550 ton) met 68 800 ton verlaag.

Die sonneblomoes is vanaf die eerste tot die sesde produksieskatting oorskot, waarna dit baie naby aan die gerealiseerde sonneblomproduksiesyfer beraam is (Grafiek 8). Terugvoer van produsente was dat Sclerotinia 'n hewige impak op sonneblomoeeste gehad het – dit het bygedra tot die swakker as verwagte opbrengste.

### Slotsom

Hiermee wil Graan SA graanprodusente met die vertroue laat dat die NOK hulle bes doen om akkurate skattings daar te stel. Geen instansie in Suid-Afrika is beter as hulle vir hierdie taak gerat nie. Die afgelope seisoen se skattings, spesifiek vir mielies, kan as uiters goed beskou word en Graan SA wil graag sy dank aan die komitee rig vir die belangrike taak waarmee hulle besig is. ●

*Produsente word aangemoedig om, indien hulle nie alreeds aan die oesskattingsproses deelneem nie, asseblief die vraelyste wat aan hulle gestuur word, te voltooi. Indien die vraelys nie ontvang is nie, kontak asseblief vir Rona Beukes, lid van die NOK, by 012 319 8032 of stuur vir haar 'n e-pos na RonaB@Dalrrd.gov.za.*



**SILOWAREHOUSE**  
PTY LTD

**Silos (up to 20 000 mt per silo), bucket elevators, augers, grain cleaners, chain-, pipe-, belt conveyors and grain dryers**

**Feed bins and hopper bottom silos, capacities 5 mt - 1,500 mt**

[www.silowarehouse.co.za](http://www.silowarehouse.co.za)

E-mail: [info@silowarehouse.co.za](mailto:info@silowarehouse.co.za)

Tel: 012 332 1469 / 082 492 7496

**f silowarehouse**







**PROSARO**<sup>®</sup>  
250 EC

# Prosaro<sup>®</sup> makes the difference

- // Registration on canola for control of blackleg and *sclerotinia*
- // Excellent cost to benefit ratio
- // Quick uptake with longterm protection

Prosaro<sup>®</sup> Reg. No. L8510 (Act No. 36 of 1947). Prosaro<sup>®</sup> contains Tebuconazole and Prothioconazole (Caution). Prosaro<sup>®</sup> is a registered trademark of Bayer AG, Germany. Use strictly according to instructions on label.

Facebook: Bayer Crop Science Division Southern Africa Twitter: @bayer4cropssa

Bayer (Pty) Ltd. Reg. No. 1968/011192/07 27 Wrench Rd, Isando, 1601. PO Box 143, Isando, 1600 Tel: +27 11 921 5002

[www.cropscience.bayer.co.za](http://www.cropscience.bayer.co.za) // // // [www.bayer.co.za](http://www.bayer.co.za)

A31955

# VYF STAPPE VIR SOJABONE met hoë opbrengs

PR Janse van Rensburg, landboukundige, Pioneer

**A**s gewasse rugbyspelers was, was mielies die sleutelspelers en sojabone die reserwes. Mielies kry gewoonlik al die krediet, terwyl sojabone eenkant toe geskuif word. Moenie dit doen nie – doen moeite met die sojabone.

Soos mielies, kan sojabone uitstekende opbrengste lewer wanneer dit behoorlik bestuur word, alhoewel die weer steeds 'n groot rol speel. 'n Droë Februarie-maand kan van die ekstra inset- en strategievoordele van sojabone wegneem. As daar egter goeie omgewingsomstandighede heers wat vir die sojabone in die kritieke tyd voordelig kan wees, is dit die moeite werd om geld daarop te spandeer.

Hier is vyf stappe om te neem vir hoë sojaboonopbrengste:

## 1. Plantdiepte vir sojabone

Die aanbevole plantdiepte vir sojabone om meer eenvormige opkoms en goeie stande te verseker en so hoër opbrengste te produseer, is 4 cm (Lawson et al., 2009). Die saadbed moet ferm, egalig en ewe diep wees, sodat die saad oral ewe diep geplant kan word en alles op een dag opkom. Bly weg van klipperige grond, want die stropertafel moet baie laag kan stroop. Te vlak plant neig tot swakker opkoms en swak enting as gevolg van baie hoë grondtemperatuur by die grondoppervlak en die grond droog ook te vinnig uit.

Dit is belangrik dat sojabone in nat grond geplant moet word – sojabone kan nie agter vog aangeplant word nie. Vir 'n sojaboon om te ontkiem, het die pit 50% water nodig van die pitgewigmassa. Saad wat twee jaar oud is, moet glad nie geplant word nie. Kieming kan met tot 80% afneem met oorgedraagde, ou saad.

## 2. Kultivarseleksie

Wanneer daar na variëteitskeuse gekyk word, is plantgesondheid die belangrikste. Kyk veral na die weerstand teen aalwurms, SDS (skielikedood-sindroom) en witsimmel. Kyk ook na volseisoenprodukte vir die spesifieke area – sojabone wat tot laat in die seisoen blom, het meer peule en potensieel hoër opbrengste.

Kultivarkeuses vir optimale opbrengs is belangrik, en daarom moet kultivars met nuwe genetica gekies word. Sojaboonvariëteite word in verskillende volwassenheidsgroepe verdeel. Genoeg data is oor die jare ingesamel om produsente in te lig oor watter volwassenheidsgroep in watter streek werk – dit word voorgestel op 'n Suid-Afrikaanse sojaboonproduksiekaart. Die proewe van die LNR word in drie omgewingstreke verdeel, naamlik koud, matig en warm. Al die volwassenheidsgroepe word jaarliks oor die drie streke geplant in die LNR-proewe en daar kan aanbevelings gesien word van watter groeilengtes waar werk en hoe die genetica in opbrengs oor die jare verbeter.

## 3. Enting: Behandel saad met *Bradyrhizobium japonica*

Behandel saad met lewendige stikstofbindende knoppiesbakterieë. In-voor- of op-saad-toediening tydens plant is doeltreffend. Verminder die risiko om in-voor en op die saad toe te dien, weens oorlewing van entstof.



Dit is belangrik om saad elke jaar met stikstofbindende knoppiesbakterieë te behandel, alhoewel daar wel oorgedraagde *Rhizobium* in die grond kan wees.

### 1 OESVERLIESE AS GEVOLG VAN VERKEERDE PLANTDIEPTE. PROEFRESULTAAT VAN DELMAS IN DIE 2018/2019-SEISOEN. DIE SAFEX-PRYS VAN 2019 IS GEBRUIK.



DEPTE	T/HA	KG-VERSKIL VAN K	T/HA	%-VERSKIL VAN K	SAFEX	R/HA-VERSKIL
1 cm	3,918	488	0,488	-11%	R4 500	-R2 195,86
3 cm	4,406	K	K	K	R4 500	K
5 cm	4,271	136	0,136	-3%	R4 500	-R609,96
7 cm	4,023	384	0,384	-9%	R4 500	-R1 726,40
9 cm	3,88	527	0,527	-12%	R4 500	-R2 370,11

### 2 OESVERLIESE KAN DUIDELIK GESIEN WORD BY TWEE VERSKILLENDE LOKALITEITE WEENS ONVOLDOENDE STIKSTOFBINDING GEDURENDE DIE 2021/2022-SEISOEN.

BASTER	TEGNOLOGIE	RYE	PLANTPOPULASIE-KOERS	OESRYLNGTE M	OESWYDTE M	OESGEWIG KG	VOG %	OPBRENGS T/HA	OPMERKING
P48T48R	R	8	300 000	230	6,08	408	11,8	2,94	Met entstof
P48T48R	R	8	300 000	230	6,08	325	10,6	2,37	Sonder entstof
P57T19R		12	300 000	190	10,92	581	11,2	2,84	Geen entstof
P57T19R		12	300 000	190	10,92	631	11,2	3,09	Entstof

**Plantdatum: Matige gebied, lang groeier**

**Plantdatum: Koel gebied, lang groeier**


Grafiek 1 en 2: Oesverliese is duidelik sigbaar oor die planttyd van Pioneer-langgroeiergenetika en die effek op opbrengs. Links is die matige gebied en regs is die koel gebied.

**Plantdatum: Matige gebied, kort groeier**

**Plantdatum: Koel gebied, kort groeier**


Grafiek 3 en 4: Oesverliese kan duidelik gesien word oor die planttyd van Pioneer-kortgroeiergenetika en die effek op opbrengs. Links is die matige gebied en regs is die koel gebied.

#### 4. Plantdatum: Vroeg plant

Sojabone wat van einde Oktober tot middel November geplant word, trek voordeel uit die verlengde blomperiode wat vorseisoenvariëteite het. 'n Sojaboonplant is ligsensitief, en dit sal soveel blom as wat die seisoen dit toelaat.

#### 5. Onkruidbestuur

Moenie in vuil lande plant nie – alle onkruid moet ten minste voor plant doodgework word. Tot 200 kg/ha kan verloor word aan opbrengs as onkruid toegelaat word om 1 cm groot te word tussen sojabone, het Dr Christy Prague van Michigan gevind.

*Wanneer daar na variëteitskeuse gekyk word, is plantgesondheid die belangrikste*

Die gebruik van vooropkomsontkruiders is ook 'n sleutel tot sukses. Dit is ongelooflik hoe goed 'n vooropkomsbespuiting kan werk om onkruid te bestuur. Dit is die beste oplossing vir die bestuur van weerstandbiedende onkruid. 'n Vooropkomsbespuiting hou onkruid terug totdat daar opgevolg word met 'n na-opkomsontkruidder.

Vernietiging van onkruid in die saadbank is ook noodsaaklik. Dit is dus belangrik om onkruid te beheer voor blomstadium, want sommige onkruid se sade is reeds lewensvatbaar nege dae ná blom. Die verwydering van onkruid uit 'n land voor oes verhoed dat onkruid sade in toekomstige jare problematies word.

#### Uitdagings

Intensiewe sojaboonbestuur het wel nadele. Praktyke wat toegepas word om opbrengste te verhoog, soos die gebruik van planthormone, skep baie vegetatiewe groei wat kan lei tot omval.

Dit kan ook gebeur dat die sytakke te swaar raak met peule en veroorsaak dat dit nie weer regop getrek kan word ná 'n storm of tydens afdroging nie. Sojaboongenetika met korterraamplante en internodes nader aan mekaar, se risiko vir platval is minder. Sommige praktyke, soos vroeg plant, kan 'n groot voordeel wees sonder ekstra insette. Alle produsente sukkel deesdae om geld te maak met saaiery – een manier om die resultaat te verbeter is om sojabone te verbou. ●

Gaan na [www.pioneer.com/za](http://www.pioneer.com/za) vir meer inligting of stuur 'n e-pos na [info.rsa@pioneer.com](mailto:info.rsa@pioneer.com).

#### Bron

Lawson, IYD, Mensah, EA & Yeboah, EN. 2009. Improving the establishment and yield of soybean through planting depth and land preparation methods in northern Ghana. *West African Journal of Applied Ecology*, 14(1).

# Verken gereed jou lande



Dr Vicki Tolmay,  
LNR-Kleingraan,  
Stellenbosch

**O**nvoorspelbare weersomstandighede maak dit al hoe moeiliker om te boer. Hierdie veranderende weerpatrone het 'n ingrypende invloed op gewasproduksie. Dink aan daardie koue, nat toestande aan die begin van die mielieseisoen wat die plante geel en verdwerg laat vertoon.

Sodra die omstandighede verbeter as die water begin wegsak of verdamp en die son skyn, lyk die mielies weer mooi. Wintergewasse word ook beïnvloed. In dele van die noordelike gebiede het reën tydens strooptyd die risiko vir die verbouing van kleingraan soos koring en gars aansienlik verhoog. Dit veroorsaak dat die gewas nie betyds gestroop kan word nie en lei ook tot kwaliteitsprobleme.

Net soos plante 'n bepaalde hoeveelheid koue- of hitte-eenhede benodig vir ontwikkeling, is daar spesifieke toestande wat die ontwikkelingstempo van plaë en plantsiektes bepaal. Hoe nader die temperatuur aan die insek of patogeen se ideale ontwikkelingstoestand is, hoe vinniger voltooi hulle elke fase in hulle lewensiklus en hoe korter is die tydperk wat verloop tussen opeenvolgende generasies. Die veranderende weerpatrone wat nou al hoe meer voorkom, veroorsaak dat plaë en plantsiektes "onverwags" hulle verskyning kan maak omdat hulle lewensverloop by die veranderende weer aanpas.

Die veranderende weersomstandighede word veral by insekplaë waargeneem. Elke insekspesie het maksimum- en minimumtemperatuurgrense waarbinne hulle optimaal ontwikkel. Plaë wat voorheen nooit of selde skadelik was, kan dus probleme veroorsaak wanneer die klimaat verander. Hierdie probleem word ook waargeneem in die hoeveelheid nuwe plaë wat Suid-Afrika onlangs binnegekom het en ernstige probleme skep, byvoorbeeld die herfskommandowurm (*Spodoptera frugiperda* sedert 2017), die *polyphagous shot hole borer* (ook genoem PSHB-kewer wat sedert 2017 na agt provinsies versprei het en die potensiaal het om die vrugtebedryf ernstig te benadeel) en die tamatieblaarmyner (*Tuta absoluta* wat sedert 2016 hier voorkom).




Figuur 1: Voorbeeld van die uitleg van 'n moniteringsroete.

Russiese koringluisk, wat Vrystaatse produsente vir jare geteister het, is nie meer die nommereenplaag in hierdie omgewing nie – ander insekte begin nou kop uitsteek. Die afgelope seisoene het daar baie rooi-beensandmyt in die Wes-Kaapse koringlande voorgekom; dit is 'n plaag wat lanklaas 'n groot probleem was. Daar was ook probleme met die WP-graanwurm, verskeie slaksoorte asook bolwurm gewees.


## Hoe bestuur 'n mens hierdie risiko's?

Die goeie nuus is dat dit wel moontlik is om hierdie plaë te bestuur. As ou grondbeginsels toegepas word en die voorkoms van plaë gemonitor word, is dit moontlik



Grafiek 1: Reënval en die gemiddelde daaglikse temperatuur van 2022 en die 13-jaar-periode (2009-2021) in Luckhoff.





Grafiek 2: Verskille in motgetalle in Luckhoff gemonitor gedurende 2022 teenoor die gemiddelde motgetalle van 2018 tot 2021.

om potensiële probleem-insekte betyds te identifiseer en teen hulle op te tree. Klimaatverandering maak dit al hoe belangriker vir produsente om gereeld hulle lande deur te stap en te monitor. Sommige produsente span selfs satellietbeelde en hommeltuie wat foto's uit die lug kan neem, in 'n NDVI-beeld kan byvoorbeeld kolle uitwys waar plante swaarkry en waar hulle geil groen groei. Dit bly egter die heel beste om gereeld deur die lande te stap en te gaan kyk hoekom die plante geil groen vertoon (dalk is dit onkruid) en wat plante in die swak kolle makeer.

### Wenke om die meeste te maak van dié moniteringstaptoegte

- » Besluit vroeëtydig op 'n roete wat skuins en heen en weer oor die land strek sodat dit verteenwoordigend is van die hele land (Figuur 1). Indien "goeie" en "slegte" kolle op NDVI-beelde voorkom, moet dit in die roete ingesluit word, maar daar moet nie net daarop gefokus word nie.
- » Hou in gedagte dat insekinfestaties meestal in klein kolletjies ontstaan en van daar af uitkring.
- » Moet nie net na die buitenste rand van 'n land kyk nie omdat dit nie 'n ware weerspieëling is van wat binne in die land gebeur nie.
- » Hoe meer waarnemingspunte daar is, hoe akkurater sal die besmettingsyfer bepaal kan word. As die land kleiner as 1 ha is, kan tien punte genoeg wees. As die land groter is, is daar meer ondersoekpunte nodig vir 'n akkurate besmettingsbepaling.

### Hoe om 'n moniteringsroete uit te voer

- » Besluit vooraf hoeveel treë as standaard sal dien en watter voet as merker gebruik sal word.
- » Stap eers 'n ent in die land in. Begin dan om die vasgestelde hoeveelheid treë af te tel. Op die laaste tree moet die gewasplant wat die naaste aan die voorpunt van die merkerskoen is, geïnspekteer word vir insekskade. Die spesifieke plant word dan genoteer as met of sonder insekte.
- » Stap daarna die vooraf bepaalde roete en neem lesings by elke ondersoekpunt soos beskryf in die vorige punt.
- » Data wat op die roete by elke punt versamel is, word nou gebruik om 'n persentasie van besmetting te bereken.
- » Indien chemiese beheerriglyne vir 'n plaag bekend is, is dit raadsaam om die tyd van toediening en die persentasie besmetting in ag te neem wanneer die insek gespuut moet word. Sodoende kan onnodige bespuitings en koste vermy word.

- » Indien daar nie riglyne vir die spesifieke insek bekend is nie, sal die besmettingsbepaling asook inligting rakende die groeistadium van die gewas die produsent/deskundige in staat stel om 'n meer ingeligte besluit rakende die beheer daarvan te neem.
- » Fyner bestuur van insekbesmettinge kolle in lande is moontlik deur gebruik te maak van moderne tegnologie soos hommeltuie wat bespuitings kan toedien. Alhoewel die implementering daarvan nog nie algemeen is nie as gevolg van die koste en lisensies wat met hommeltuie gepaard gaan, sal dit in die toekoms waarskynlik goed ingespan word om beduidende kostebesparings vir die produsent teweeg te bring. Verder sal dit ook die biodiversiteit in lande bevorder as slegs die probleemareas behandel word.

*Die veranderende weersomstandighede word veral by insekplae waargeneem*

### Onthou die volgende:

- » Hoe vroeër die insek of siekte raakgesien word, hoe groter die kans om grootskaalse skade te voorkom. Kenners kan geraadpleeg word rakende beheer en alternatiewe opsies wat tot die produsent se beskikking kan wees.
- » Nie alle skade word in die dag angerig nie. Sommige insekplae voed slegs snags en net die skade wat deur hulle veroorsaak word, is gedurende dag waarneembaar. 'n Voorbeeld hiervan is die valskommandowurm (*Leucania loreyi*). Wees dus hoofsaaklik op die uitkyk vir skade of simptome eerder as om net die insekte te soek.
- » Indien die simptome of insek nie bekend lyk nie, neem foto's om vir deskundiges te stuur. Die volgende foto's moet ingesluit word: 'n foto van die hele land, 'n foto van die geaffekteerde plant van die grondoppervlak af tot op die bopunt, duidelike foto's wat op die skadesimptome fokus en dan, indien moontlik, ook 'n foto van die verdagte insek (insluitende verskillende stadiums van die insek indien teenwoordig). Soms vreet insekte selektief net op sekere dele van die plant. Let dus op presies waar op die plant die insek voorkom (bo of onder die blaar en val dit ►)

## ← VERKEN GEREELD...

- ⦿ vinnig grond toe as 'n mens aan die plant raak). Hierdie inligting is noodsaaklik vir die entomoloog om 'n akkurate identifikasie van die insek te kan maak.
- » Klein instars (baba-insekte) is gewoonlik makliker om te beheer as volwasse insekte en daarom is dit noodsaaklik om geaffekteerde lande so gou moontlik te bespuit indien nodig.
  - » Om te weet watter plaë en siektes in die onmiddellike gebied voorkom word sterk aanbeveel, maar dit is verder voordelig om kennis te neem van ander plaë en siektes wat ook die gewas as 'n gasheer kan gebruik. Ander nabygeleë gewasse asook die omliggende omgewing speel 'n belangrike rol in die lewensiklus van insekte en kan selfs bepaal of 'n spesifieke insek plaagstatus sal bereik of nie.
  - » Elke land het ook voordelige insekte wat as natuurlike vyande van 'n plaag kan optree. Hierdie insekte kan kosteloos 'n plaagprobleem vir die produsent oplos. Dit is dus belangrik dat die produsent bewus is van watter insekte hierdie rol vervul en dan alle plaagbeheeraksies so beplan dat daar so min as moontlik skade aan hierdie voordelige insekte aangerig word.

### Kan klimaatsverandering 'n invloed hê op die lewensloop van 'n insek?

Klimaatsveranderinge beïnvloed beslis die lewensloop van insekte. Die graad van die invloed hang af van die spesifieke omgewings-toestand wat verskil asook die stadium van die lewensloop waarin die insek op daardie spesifieke tyd is.

**Grafiek 1** (op bladsy 58) en **Grafiek 2** (op bladsy 59) is ter illustrasie van hierdie beginsel ingesluit. Albei grafieke bevat data wat in Luckhoff versamel is. Grafiek 1 stel die gemiddelde daaglikse temperatuur gedurende 2022 in geel voor en die 13-jaargemiddeld van 2009-2021 in groen. Reënval word in die blou kolomme vertoon. Die minimum en maksimum temperature vir ontwikkeling word deur die rooi lyne in Grafiek 1 voorgestel. Buite hierdie grense hou die valskommandowurm op om te ontwikkel en ver buite hierdie grense kan die insek sterf.

In Grafiek 2 dui die rooi lyne die aantal valskommandowurmmotte wat weekliks in Luckhoff gevang is aan. Die boonste grafiek verteenwoordig data wat in 2022 versamel is, terwyl die onderste grafiek motgetalle gedurende 2018 tot 2021 toon. Die donkerblou pyle verteenwoordig die gemiddelde lewensduur van een lewensiklus, wat die eierfase, die onvolwasse fase (die wurmstadium = die plaag), die papie en die volwasse stadium (mot) insluit.

Weens warmer temperature vroeg in 2022 (Grafiek 1) is daar reeds drie lewensiklusse teen week 8 (einde Februarie) voltooi teenoor 'n gemiddeld van twee lewensiklusse oor dieselfde tydperk in die voorafgaande vier jaar (Grafiek 2A). Die minimumontwikkelingstemperatuur waar daar groei en ontwikkeling van valskommandowurm kan plaasvind, is 10 °C. Grafiek 1 toon dat die gemiddelde wintertemperatuur in 2022 heelwat kouer was as die gemiddelde van die vorige 13 jaar. Hoe nader die temperature aan hierdie grense is, hoe langer neem dit om die lewensiklus te voltooi. Die laaste motvlug voor die winterkoue het gemiddeld teen 22 Junie plaas gevind (Grafiek 2B).

*Namate die gemiddelde temperature van die lente na somer toe styg, is daar meer motvlugte*

Gedurende 2022 is dit egter in week 20 (middel Mei) waargeneem, twee weke vroeër as gewoonlik (Grafiek 2B). Hierdie vervroegde motvlugte is te wyte aan die warmer gemiddelde temperatuur vroeg in die jaar wat opgevolg is deur kouer temperature wat al nader aan die minimumontwikkelingstemperatuur geneig het (Grafiek 1). Die eerste motvlug na die winter was ook twee weke vroeër gedurende 2022 (week 33, middel Augustus) in vergelyking met die gemiddelde vlug in week 35 in die begin van September (Grafiek 2C). Die nuwe generasie wat van hierdie motte afkomstig is, het in 2022 reeds van week 9 af gekom en nie van week 11 soos wat daar in die vierjaargemiddeld waargeneem is nie. Hierdie twee-wekeverskil is as gevolg van die warmer weer van week 2 na week 4 wat die hele jaarsiklus vervroeg het (Grafiek 1).

Namate die gemiddelde temperature van die lente na somer toe styg, is daar meer motvlugte omdat die lewensiklus van die insek as gevolg van die hoër temperature versnel. Gewoonlik kom hierdie verskynsel tussen week 45 en 46 voor in middel November (Grafiek 2D). In 2022 was hierdie motvlugte egter ook vroeër (week 44, begin November) en het boonop 'n hoër piek van 35 motte per dag gedurende week 45 getoon, wat nie die vorige vier jaar voorgekom het nie. Dit is voorwaar 'n groot verskil as gevolg van 'n klein verhoging in temperatuur oor 'n kort tydperk in Januarie.

In hierdie geval kon skade tussen week 44 en week 46 voorgekom het. Die omvang van die skade is egter bepaal deur reënval gedurende die motvlugte en die beskikbaarheid van ander geskikte grasgashere vir eierlegging in die omgewing van die spilpunte en gevolglik minder motte wat eiers in die gewas gelê het.

Hierdie navorsingsprojek is deur die Suid-Afrikaanse Wintergraanbedryfsstrust (SAWCIT) befonds en monitor die motvlugte in die produksiegebiede met die hulp van vrywilligers. Feromoonvalle met lokmiddel word gebruik om *Leucania loreyi*-motte aan te trek. Medewerkers tel weekliks die aantal motte in die val en stuur die data wat gebruik word om die grafieke te trek, in. Indien daar potensiaal vir valskommandowurmbesmetting is, word die produsente in daardie omgewing gewaarsku om op die uitkyk te wees vir skade en wurmfestasie. Die ondersteuning van SAWCIT, AB InBev, die Suid-Afrikaanse Garstelersinstituut (SABBI), die medewerkers en Graan SA word hoog op prys gestel. ●

Vir meer inligting kontak dr Vicki Tolmay by [tolmay@arc.agric.za](mailto:tolmay@arc.agric.za) of 073 469 0000 (MTN) / 072 446 3538 (Vodacom).



Herfskommandowurm.

# TOPPRESTEERDERS WAT **JOU** EN DIE BOONTJIE TELLERS GELUKKIG SAL HOU

**PANNAR**®


Saam boer ons  
vir jou toekoms™

[www.pannar.com](http://www.pannar.com)



Pannar se sojaboonkultivars bied 'n winsgewende kombinasie van goeie opbrengspotensiaal, uitsonderlike agronomiese eienskappe en stabiliteit oor verskillende opbrengspotensiaalvlakke, produksiegebiede en seisoene. Pannar bied 'n volledige reeks groeiseoeklasse wat aan byna alle plantdatums en -populasie vereistes voldoen.

Vind Pannar se kundige vir pasgemaakte oplossings in jou omgewing.



**CORTEVA**  
agriscience

Foto  
Boer: Egon en sy seun Tyson Zunckel  
Plaas: Rustenberg  
Gebied: Bergville, KwaZulu-Natal  
Pannar Verteenwoordiger: Dawid le Roux

Skandeer die kode  
vir meer inligting  
oor Pannar se  
uitsonderlike  
produkte



™ en ® Handelsmerke van Corteva Agriscience en sy geaffilieerde maatskappye. © 2023 Corteva. 2023/SOY/SAG/07

## ON FARM LEVEL

Integrated pest control

# SENTINEL PLOTS SIGNIFICANT FOR CROP BIOSECURITY



**Prof Bernard Slippers,**  
director of FABI,  
University of Pretoria



**Leandri Klynsmith,**  
FABI, University of Pretoria



**Cobus M. Visagie,**  
FABI, University of Pretoria



**David Read,**  
FABI, University of Pretoria

**P**lant pests and pathogens are seldom regarded as agents of human demise. However, by killing plants a ripple effect is created which ends in less food and less nutrition for the constantly growing human population. Management of agricultural pests and pathogens is therefore vital, but it is becoming increasingly difficult. This is due to the rapid changes in the distribution and divergence of pests and pathogens along with changing climatic conditions.

Insect resistance to Bt toxins expressed in grains is but one example of the threats faced by the agricultural sector. Changes in the distribution and frequency of known instances of insecticide resistance and the emergence of new resistance are not only predictable, but inevitable and important to monitor.

Similarly, continued investigation of fungicide resistance, race diversification and dispersal of agricultural pathogens is required to stay ahead of current and emerging threats. At the centre of this could be sentinel plots. A sentinel plot is planted with the goal of serving as a surveillance tool for routine monitoring for the presence of pests or pathogens of a specific crop plant.

### Surveillance of sentinel plots

Standard management procedures for the region and seed source (for example refugia) are always followed

for responsible use of sentinel plots. Regular surveillance of sentinel plots informs researchers when collection trips are required. Once insect or pathogen infestations are recorded, collection trips follow soon after.

Even though sentinel plots are not treated with insecticides or fungicides, infestation levels deemed to be of risk to surrounding fields (for example high levels of early infestation and the potential for high levels of a second generation emerging from the field) initiate the application of an appropriate treatment (pesticide treatment, crop removal or destruction). Because sentinel plot research is done in collaboration with local producers, there is the added advantage of continuous feedback on regional outbreaks and environmental changes.

### Resistance management strategies

Population genetic studies used to investigate diversity and population structures of pests and pathogens can be used to predict the spread and dispersal pathways of resistance traits so that effective resistance management strategies can be implemented. Gene-editing technology provides not only a way to identify resistance-conferring genes, but also enables a novel and accurate management strategy by reversing resistance in pests or pathogens. Information from such studies also enriches crop breeding programmes.



A map of the sentinel network.





**Sentinel plots can provide valuable information for local farming communities; NGRP team with farmers and extension officers in the Eastern Cape.**

**Surveillance plots can help to monitor changes in pathogen populations and pathogenicity traits.**

However, a reliable collection of pests and pathogens for research, resistance monitoring, and screening of new industry crop varieties is required on a continuous basis to prevent stagnation in the research and development (R&D) process. Depending on word-of-mouth reports of pest and pathogen infestations and crop husbandry is notoriously unreliable for surveillance and collection efforts of pests and pathogens.

### *A sentinel plot is planted with the goal of serving as a surveillance tool for routine monitoring*

Since 2019 researchers at the Forestry and Agricultural Biotechnology Institute (FABI) in association with the National Grain Research Programme (NGRP) conducted extensive surveillance of fungal and viral pathogens and insect pests across South Africa. In the 2021/2022 season they also piloted two sentinel plots, one in Mpumalanga and one in the Eastern Cape. These sentinel plots, as dependable sites of known crop cultivars and crop management, proved invaluable to surveillance and sample collections that feed back to research and management efforts.

#### **Resistance screening**

Insect collections from the 2021/2022 sentinel plots have already translated into the establishment of insect-rearing colonies for three major lepidopteran pests (African stalk borer, fall armyworm and spotted stem borer). This has enabled resistance screening and investigation of the genetic basis of resistance in the African stalk borer and fall armyworm. The sentinel plots have also been used as a surveillance tool for ensuring that the South African maize industry remains free of maize chlorotic mottle virus (MCMV), which is a component of maize lethal necrosis disease. Additionally, previously unreported viruses of sunflower have been detected within the sentinel plots, contributing significantly to the understanding of the virology of this crop.

For the coming seasons FABI, along with support from the NGRP and industry partners, aims to fortify the use of sentinel plots across various regions of South Africa. A sentinel plot network will serve national biosecurity needs and be a resource for research and development for everyone involved. ●



# Gideon Koegelenberg:

# WINGEWENDHEID die spil



Pietman Botha,  
SA Graan/Grain-redaksie

**G**ideon Koegelenberg, een van die Graanprodusent van die Jaar-finaliste van 2022 en sy vrou, Melanie, boer in die Makwassie-omgewing op beide hoë-, medium- en laepotensiaalgronde. Hulle boerdery bestaan uit 'n saaikomponent waar mielies, sojabone en sonneblom in 'n rotasieselsel verbou word, asook 'n beesvertakking waar hulle speenkalwers produseer wat aan voerkrale verkoop word.

Hy is 'n produsent wat slim kan werk. Gideon het al vroeg in sy lewe die waarde van goeie beplanning, harde werk en dat alles om winsgewendheid draai, aangeleer. Hierdie beginsels pas hy daagliks in sy besigheid toe. As iets nie vir hom op papier winsgewend is nie, maak hy planne om dit winsgewend te kry – so nie stop hy die bedryf. Beplanning en die presiese uitvoer daarvan asook kontrole is vir hom van kardinale belang. Gideon poog om hierdie funksies so ver as moontlik self uit te voer of te kontroleer, maar maak van kundiges wat hy vertrou gebruik om hom te help.

Gideon glo daarin dat alles reg moet gebeur om wins te verhoog. Dit beteken dat die regte insette betyds teen die regte pryse bekom moet word. Hierdie insette moet reg aangewend word om maksimum produksie uit die insette te verkry en die opbrengste moet teen die beste moontlike pryse verkoop word om wins te maksimeer. Beplanning, kontrole en genade moet nog hier bygevoeg word om die prentjie te voltooi. Dit omvat in wese alles wat op sy plaas gebeur.

## Grondontledings

Presisieboerdery is volgens Gideon daar om winste te verbeter. Sy gronde is gekarteer en die grond word volgens die tipe grond en hul potensiaal bestuur. Die langtermynlandopbrengste wat Gideon sorgvuldig byhou, word gebruik om die beplanningsopbrengste te bepaal met inagneming van die verwagte voorspelde reënval. Hy poog om so realisties moontlik

wees met die opbrengsmikpunte en probeer om nie buitensporige mikpunte daar te stel nie.

Op ongeveer 'n kwart van die grond word daar jaarliks presisiegrondontledings getrek. Aan die hand van hierdie grondontledings word kalk gedifferensieerd toegedien en tot op die regte diepte ingewerk. Elke vier jaar word gepoog om die fosfaat- en kaliumregstellings volgens behoefte te doen en sodoende bly die gronde se makro-elemente in plek. Die gewasse se produksiepotensiaal word gebruik om die bemesting te bepaal en 'n presisieboerderystelsel word geïmplementeer. Mikro-elemente word jaarliks op die regte tyd uitgespuit nadat blaaronontledings gedoen is. Die gewasse se opbrengspotensiaal en die grondontledings keer dat daar nie op bemesting aan 'n gewas oorspandeer word nie. Op die end gaan alles oor wins – nie maksimum produksie nie.

## Grondbewerking en wisselbou

Bewerkings word volgens elke tipe grond aangepas. Die watertafellande word diep op 'n spoorverkeerstelsel bewerk, terwyl die swaarder gronde met minimumbewerkingsaksies bewerk word. Die watertafelgronde se bewerking word gedoen om die grondverdigting op te hef en om die winderosie te beheer. Die minimumbewerkingsaksies word gedoen om die bewerking te beperk sonder om die gewasse se opbrengste te benadeel.

Alhoewel mielies met sonneblom en sojabone afgewissel word, is daar nie 'n rigiede stelsel op die plaas nie. Gewaswinsgewendheid en produksiekoste bepaal die wisselbouprogram. In die laaste paar jaar het mielies ongeveer 78% van die oppervlakte opgeneem, met sonneblom op ongeveer 15% en sojabone op ongeveer 7%. Die sojabone is 'n relatief nuwe gewas vir hierdie wêreld, maar die ekstra stikstof wat die sojabone bring is nogal handig in 'n hoë-insetjaar. Gideon bevestig dat wisselbou 'n voordeel het omdat mieliesiektes, swamme en veral kopvrot na 'n wisselbougewas minder is.

Gewaswinsgewendheid en produksiekoste bepaal die wisselbouprogram. Oor die algemeen word mielies met sonneblom en sojabone afgewissel.

Damkraal Boerdery se bestuurspan is van links George Markram, Sarel Kok, Gideon Koegelenberg, Hein Hoffmann en Reinhardt de Waal.



# waarom alles draai

## Navorsing

Om te meet is om te weet en daarom spandeer Gideon heelwat tyd aan navorsing. Tans word daar aandag aan blaarbespuitings, enting van sojabone en bewerkings gegee. Die duur aspek van graanverbouing, naamlik bemesting, word ook nagevors. Op elke plaas verskil die kultivars se opbrengste en daarom word 'n klompie kultivarproewe jaarliks aangeplant om sodoende die gepaste kultivars te identifiseer. Hierdie is belangrike werk omdat besluite volgens hierdie inligting geneem word.

Onkruid, peste en plae kom ook op sy plase voor, daarom lê hy klem op voorkomende beheer. Onkruidodder word in meer as een bespuiting toegedien omdat hulle agtergekom het dat die middels met baie reën uitwas of te vroeg afbreek en sodoende die lande laat vuil word. Die boerdery se hoogloopspuit help om laat onkruid te beheer. Die effek van winteronkruid op die volgende gewas is groot en daarom doen Gideon moeite om hierdie onkruid vroegtydig te beheer. Glifosaat en 2,4d word direk na stroop gespuit om die winteronkruid goed te beheer.

## Gewaswingsgewendheid en produksiekoste bepaal die wisselbouprogram

Alles in hierdie boerdery gaan oor wins. Gideon probeer om insette effektief en doeltreffend aan te wend en daarom word die nodige insette tydig en korrek toegedien. Boekwerk is vir Gideon 'n moet. Hy wil weet presies hoeveel elke inset en vertakking hom per hektaar tot op datum en op 'n maandelikse basis kos. Hy doen nie self die boekhouding nie, maar spandeer tyd om elke maand die inkomstes en uitgawes te bestudeer en dit dan binne sy beplanning te vergelyk om aanpassings te maak. Soms kom daar spesiale aanbiedings op die tafel en dan is dit maklik om te besluit of dit geneem en bekostig kan word as die beplanning op datum is.

Beplanning is van deurslaggewende belang om die regte gelykbreekpunte te bereken. Goeie beplanning help ook om sinvolle

bemerkingsbesluite te neem. Producente kan alles reg doen, maar as die graanpryse verkeerd bepaal is, gaan dit lei tot probleme. Gideon doen sy graanbemarking volgens 'n plan. Graanpryse word verskans, maar dit is noodsaaklik dat die gelykbreekpryse bekend is en dat moeite gedoen word om die graanmark te lees.

## Toerusting en masjinerie

Gideon bestuur die meganisasie-aspek van sy boerdery met erns. As iets in werktyd breek, kos dit baie en daarom doen hy moeite om sy instandhouding en dienste op datum te hou. Omdat die boerdery die laaste klompie jare bly groei, word daar gereeld nuwe toerusting aangekoop. Hierdie nuwe toerusting word gebruik en die ouer toerusting word na minder belangrike take geskuif. Soms sal van die ouer toerusting verkoop word as dit uitgewerk is en die betroubaarheid 'n probleem begin raak.

Spanwerk is uiters belangrik in die boerdery. Elke plaasbestuurder het sy verantwoordelikhede en hulle rapporteer aan Gideon. Twee koppe is beter as een en daarom neem die span besluite rakende die produksie van gewasse asook die uitvoering van take. Gereelde kommunikasie maak dit maklik om die boerdery te bestuur, maar op die ou end staan die eienaar pa vir alles. Daar word mooi na die arbeiders in die boerdery omsien, maar as hulle nie hul deel doen nie word hulle op die regte manier tereggewys.

Gideon sê: "Om te kan boer, is harde werk, maar dit is 'n lekker werk wat ryklik beloon word. Soms gaan dit swaar, maar elke donker wolk het 'n goue randjie. As jy bereid is om te gee, kry jy altyd meer terug as wat jy gegee het – nie noodwendig soos wat jy wou gehad het nie, maar as jy terugkyk sien jy die seën."

Hy is dankbaar vir die mense wat 'n groot rol in sy sukses gespeel het en steeds speel. Sy pa het vir hom geleenthede gegee wat hy moes uitbou. Melanie, plaasbestuurders, arbeiders, medeproducente en studiegroepede asook verteenwoordigers van insetverskaffers het almal 'n bydrae gelewer tot Gideon se sukses en dit sal in die toekoms so bly. ●

Vir meer inligting kan Pietman Botha by 082 759 2991 gekontak word.

Spanwerk is uiters belangrik in die boerdery en daar word mooi na arbeiders omsien.



sagrainmag.co.za

Gideon en Melanie Koegelenberg met hulle dogterjje, Ella.



# OTTOSHOOOP DOLOTOP PLUS<sup>+</sup>



**DOLOTOP MET WATEROPLOSBAAR KALSIUM, MAGNESIUM EN SULFAAT PENETREER DIE ONDERGROND MEER EFFEKTIEF EN VOORSIEN BETER VOEDING - BETER OPNAME - BETER GROEI!**

- Oplosbare  $\text{Ca}^{+2}$ ,  $\text{Mg}^{+2}$  en  $\text{SO}_4^{-2}$  promoveer dieper grondpenetrasie
- ▽ Verhoogde KKE en mikrofyn struktuur verskaf uitstaande neutralisasiekapasiteit
- ▽ Bewerkstellig 'n gebalanseerde grondprofiel vir volhoubare produksie

TEL: 0860 103 515  
EPOS: [kalk@sakg.co.za](mailto:kalk@sakg.co.za)  
[www.sakg.co.za](http://www.sakg.co.za)

**SA** KALK & GIPS  
LIME & GYPSUM  
WITKOP MINE | MYN

# STOLKOP – nuwe naam vir bekende mieliegroei-afwyking



**Dr Chris Schmidt,**  
senior landboukundige,  
Kynoch Kunsmis



**Klaas van Wyk,**  
landboukundige, Pannar

**D**ie inligting in hierdie artikel is nie nuut nie, maar die voorstel van 'n eie Afrikaanse term is wel nuut. Die oorsig gaan oor *arrested ear-ontwikkeling* – “stolkop” is ons voorstel vir 'n eie Afrikaanse woord wat makliker van die tong afrol as die Engelse term.

Stolkop-ontwikkeling is 'n fisiologiese groei-afwyking wat opbrengs van mielies betekenisvol kan verlaag. Dit is nie 'n siekte nie, maar verwys na abnormale mieliekopontwikkeling wat deur verskeie stresfaktore veroorsaak word, insluitend die toediening van nie-ioniese benatteradjuvante (*surfactants*). By fisiologiese volwassenheid sal sulke geaffekteerde mieliekoppe korter wees, met minder pitte per kop asook 'n verdwergde punt sonder pitte.

Dit moet nie met 'n voedingstekort verwar word nie. **Foto 1** en **2** toon die verskil tussen stolkop en swak bestuiwing, aangesien verwarring kan ontstaan.

Stolkop-simptome is kenmerkend verskillend van ander kopgroei-afwykings en om dié rede is dit belangrik om dit korrek te diagnoseer. Hierdie groei-afwyking kan 'n betekenisvolle negatiewe impak op opbrengs hê. Die voorkoms van stolkop in die VSA gedurende 2007 het saamgeval met die verhoogde gebruik van blaarbespuitings van swamdoders wat laat gedurende die vegetatiewe stadium (ongeveer een week voor bestuiwing) van die betrokke seisoen toegedien is.

Navorsing hieroor by die Universiteit van Purdue, het gevind dat nie-ioniese benatteradjuvante (*surfactants*), wat met of sonder swamdoders gespuit is net voor pluim, stolkop kan veroorsaak. Die risiko van

stolkop is die hoogste gedurende groeistadia V12 tot V14 (12 tot 14 ontvanklike blaarkrae) of een tot twee weke voor bestuiwing. Die navorsing het ook getoon dat die swamdoders alleen gespuit (sonder die betrokke adjuvant) nie die groei-afwyking veroorsaak nie. Simptome word waargeneem op koppe, skutblare, baard en blare. Volgens Pannar (Pringle, 2016) kan die volgende riglyne gevolg word om die risiko van stolkop te verlaag:

- » Volg gewasbeskermingsmiddels se etikette streng na.
- » Vermyn sover as moontlik enige blaarbespuitings tussen die V10- en VT-groeistadia. Hierdie stadium hou 'n hoë risiko vir stolkop-ontwikkeling in. (Sien Pannar Saad se produkkatalogus vir aanvullende inligting.) Indien 'n bespuiting gedurende hierdie vensterperiode noodsaaklik is, spuit slegs die beskermingsmiddel (sonder die adjuvant) soos vereis deur die situasie.
- » Vermyn die insluiting van enige ekstra adjuvant. Lees gerus die insetel op die web deur die QR-kode te skandeer.
- » Vermyn dit om mielies te spuit tydens periodes van klimaatstres, veral tydens koue toestande.



Vir meer inligting kan lesers gerus die publikasies op die web besoek, asook met saadkenners gesels. ●

Die naamvoorstel en kort oorsig is saamgestel deur Chris Schmidt van Kynoch Kunsmis en Klaas van Wyk. Kontak hulle by [chris.schmidt@kynoch.co.za](mailto:chris.schmidt@kynoch.co.za) of [klaas.vanwyk@pannar.co.za](mailto:klaas.vanwyk@pannar.co.za).

## Bronne

- <sup>1</sup> Castellano, C, Wise, K & Anderson, N. 2023. Non-ionic surfactants and arrested ear development. University of Kentucky. <http://graincrops.ca.uky.edu/files/usdainterreport001.pdf>. Besoek 1 Maart 2023.
- <sup>2</sup> Pringle, G. 2016. Arrested ear syndrome (Pannar). Pula/Imvula. <https://www.grainsa.co.za/arrested-ear-syndrome-sticks-its-head-out-in-south-africa>. Besoek 8 Maart 2023.
- <sup>3</sup> Pringle, G. 2016. The link between arrested ear syndrome and chemicals (Pannar). *Farmer's Weekly*, 16 March 2016. Besoek 4 April 2023.
- <sup>4</sup> Stetzel, N, Wise, K, Nielsen, B & Gerber, C. 2023. Arrested ear development in hybrid corn. In: *Diseases of corn*. BP-85-W. Purdue Extension, Purdue University. <https://www.extension.purdue.edu/extmedia/BP/BP-85-W.pdf>. Besoek 1 Maart 2023.



1



2

**Foto van stolkop (links) en swak bestuiwing (regs).**  
Foto: Klaas van Wyk, Pannar

# ALUMINIUM TOXICITY

## – developing more resistant crops



**Dr Thobeka P. Khumalo,**  
ARC-Small Grain,  
Bethlehem



**Dr Ernest Dube,**  
ARC-Small Grain,  
Bethlehem



**Dr Toi J Tsilo,**  
ARC-Small Grain,  
Bethlehem

**A**luminium (Al) toxicity is a major issue for producers across the world, affecting 67% of global farmland. This problem occurs in acidic soils (pH ≤ 5,5) and hinders the growth, development, and productivity of crops by damaging root growth.

Plants in acidic soil with Al toxicity usually have stunted growth and thickened roots, making them more vulnerable to drought. Different plant species and cultivars have varying levels of Al toxicity tolerance. Among cereal crops, rice is more tolerant than maize, wheat, and sorghum, while barley is the most sensitive. Researchers work to develop new cultivars that are more resistant to Al toxicity to help producers maintain healthy crops and avoid massive losses.

ARC-Small Grain has been crucial in evaluating commercial wheat cultivars for Al toxicity tolerance. The information gathered is published in the *Annual Production Guidelines* and is available to producers on the ARC-Small Grain website or by scanning the QR code below.

Studies have shown that using Al-tolerant cultivars, along with soil remediation methods like lime, manure, and compost, can significantly improve crop yield. For example, an Al-tolerant maize cultivar provided 61% higher grain yield than a sensitive cultivar under toxic conditions. The yield further improved when a lime treatment was applied.

### Al toxicity tolerance study

More recently, ARC-Small Grain researchers conducted a study to investigate Al toxicity tolerance in a wheat population derived from two South African wheat cultivars, Tugela-Dn and Elands. This population had previously been examined for plant height and yield component traits, determining the underlying genetic factors (Lephuthing *et al.*, 2022). Therefore, the present study intended to identify the genetic factors regulating Al toxicity and to establish the association with plant height. The study involved screening 139 wheat lines for Al toxicity tolerance using a staining

technique and a molecular marker associated with Al tolerance in wheat. This research showed that 70% of the wheat population was highly susceptible to Al toxicity. However, 30% of the lines showed tolerance, which could be useful for future breeding efforts. The two screening methods synchronised well ( $r^2 = 0,814$ ,  $p < 0,05$ ), but the molecular screening technique proved to be more efficient and powerful in discriminating between the Al-tolerant and susceptible wheat lines.

*Using Al-tolerant cultivars along with soil remediation methods can significantly improve crop yield*

The research also revealed that Al toxicity tolerance in wheat is primarily determined by a single major gene located on chromosome 4D, and three new molecular markers for this gene were identified. These markers can help scientists screen for Al toxicity tolerance in future studies and transfer the gene to other wheat lines through the backcrossing method of breeding. Interestingly, the research also revealed that the genes responsible for Al toxicity tolerance and plant height were closely linked on chromosome 4D. This means that both traits can be improved simultaneously in a wheat breeding programme.

### Conclusion

In conclusion, many cereal crops, including wheat, are susceptible to Al toxicity, which limits their production under toxic conditions. However, some Al-tolerant varieties have been identified and can be used in breeding programmes to develop more resistant crops. The latest research at ARC-Small Grain has identified three new molecular markers for the major gene responsible for Al toxicity tolerance in wheat, which will be valuable for future research and breeding efforts. Additionally, since the genes for Al toxicity tolerance and plant height are closely linked, both traits can be improved simultaneously. ●

### Resource

Lephuthing, MC, Khumalo, TP, Tolmay, VL, Dube, E and Tsilo, TJ. 2022. Genetic Mapping of Quantitative Trait Loci Associated with Plant Height and Yield Component Traits in a Wheat (*Triticum aestivum* L.) Doubled Haploid Population Derived from Tugela-DN × Elands. *Agronomy*, 12(10), p.2283.




Figure 1: Molecular screening for aluminium toxicity tolerance using diagnostic markers.

Annual Production Guidelines is available on the ARC-Small Grain website or by scanning the QR code.





Saam met jou deur elke seisoen.



www.deere.africa | africa@johndeere.com | Kliëntediens: 0800 983 821 | JohnDeereAME    John Deere  John Deere Afrika & Midde-Ooste 

# GRAANSAKE VAN TOEKOMS onder loep geneem

SA Graan/Grain-redaksie

**D**ie uitvoer van landbouprodukte is een van die weinige middele wat steeds 'n positiewe bydrae tot groei in Suid-Afrika se ekonomie maak. Graan is 'n integrale deel binne die waardeketting van landbou en help nog om die land se deure oop te hou, het Hein Rehr, president van die Graanhanteringsorganisasie van Suider-Afrika (GOSA), op die organisasie se 38ste simposium in Mosselbaai gesê.

"Landbou op sy eie gaan nie alleen die land weer bring na waar hy was nie. Die privaat sektor sal drasties moet ingryp en hande sal gevat moet word met georganiseerde landbou sodat die ekonomie weer kan begin prestee. Hoe moeiliker dit gaan, hoe meer moet ons praat en hoe meer dinge sal ons saam moet doen," het Rehr gesê.

GOSA se simposium – waartydens die organisasie se 40ste bestaansjaar gevier is – is op 15 en 16 Maart by die Diaz-hotel in Mosselbaai aangebied. Die tema en program het die kollig geplaas op watter aspekte nodig is om stukrag aan die graanbedryf in 'n ná-pandemie-era te verleen.

## Nuwe normaal

Chris Yelland, besturende direkteur van EE Business Intelligence, energiekenner en die hoofspreek, het gesê beurtkrag moet nie aanvaar word of die nuwe normaal vir Suid-Afrika word nie. Toewyding deur alle groot, medium- en klein belanghebbendes kan verseker dat beurtkrag binne twee jaar beëindig word vandat die groen lig gekry word om voort te gaan met alternatiewe oplossings.

Die regering se plan vir die beëindiging van beurtkrag moet meer as net woorde wees. Dit moet spesifieke aksies en teikens bevat wat behaal moet word. Die nasionale prioriteitsprojek om beurtkrag te beëindig, behoort 'n onverdeelde doelwit van die regering, Eskom, munisipale metro's en klante van alle segmente te wees.

Suid-Afrika se beskikbaarheid van energie was aan die begin van vanjaar sowat 50% laer as in dieselfde tyd verlede jaar en dit daal steeds. Instandhouding is 'n oplossing, maar die einde van die probleem gaan nie voor die einde van volgende jaar moontlik wees nie. Al die kragstasies wat instandhouding nodig het, kan nie gelyktydig afgeskakel word nie.

Die landbou is baie kwesbaar, veral as elektrisiteitsverlies agt uur lank per keer word. Die landbousektor het 'n sleutelrol om te speel



Die lede van die paneelbespreking gelei deur Lourensa Eckard van kykNET (middel) was van links: Japie Snyman (Olam Agri), dr André van der Vyver (SACOTA), Dawie Maree (FNB Landbou) en die onafhanklike energie-analis, Chris Yelland (EE Business Intelligence).

en moet meetbare nuwe teikens aankondig vir die privaat opwekking van elektrisiteit. Dit sal nie 'n maklike taak wees nie, maar dit is beslis haalbaar as alle belanghebbendes toegewyd en vasberade is. Kontinuiteit in besigheid is nodig. Produsente help nie net hulself nie, maar die hele land.

## Landbou word sterker

Dawie Maree, hoof van inligting en bemarking by FNB Landbou, het gesê die Suid-Afrikaanse landbou het ekonomiese terugslae in en ná die Covid-19-pandemie oorleef en in 2022 25% beter prestee as in 2019 – een van die min sektore wat dit kon vermag.

Beurtkrag het 'n groot invloed op alle vooruitskattings. Hoë rentekoerse, duur brandstof en stygende voedselpriese plaas huishoudings onder geweldige druk. Dit lyk egter asof inflasie onder beheer is. In die volgende jaar kan 'n verlaging in die rentekoerse verwag word.

Landbou sal moet aanpas om te oorleef. "Ons moet besluit wie ons wil wees. Ons moet relevant wees, aanpas om in die mark te bly en ons moet ingelig bly. Fokus op dit wat jy kan beheer. Moenie anderkant toe kyk as daar 'n probleem is nie. Wees innoverend. Gebruik wat jy kan beheer of bekostig."

## Uitvoer bly belangrik

Dr André van der Vyver, uitvoerende direkteur van die Suid-Afrikaanse Graan- en Oliesadeverhandelingsvereniging (SACOTA) het gesê die uitvoeremark is uiters belangrik om die Suid-Afrikaanse landbou en ekonomie te stimuleer en te laat groei. Daarom is elke aspek van die uitvoer van produkte belangrik om winsgewendheid te behou.

Die landbousektor is een van die grootste werkverskaffers in die plattelandse ekonomie. Ná die droogte wat die land tot in 2017 ervaar het, het die produksie van witmielies en sojabone gegroei. Plaaslike vraag na dié twee produkte het egter stadiger gegroei as die produksie, wat tot 'n oorskot gelei het, met 'n voorraad wat opgebou is. Dié voorraad bring mee dat daar veral in die afgelepe



Chris Yelland, besturende direkteur van EE Business Intelligence en 'n energiekenner, was die hoofspreek.





Die simposium is voorafgegaan deur 'n sake-ontbyt met Pieter-Louis Myburgh, bekroonde ondersoekende joernalis en outeur, as gasspreker. Hier verskyn Pieter-Louis saam met Hein Rehr (GOSA-president).



Tydens die 40-jaargaladinee is erkenning gegee aan oudraadslede van GOSA wat die simposium bygewoon het. Hein Rehr (president) het die oomblik gedeel met Annatjie Loio (vorige president), De la Rey Knoblauch (oudraadslid) en Carl Geldenhuys (stigterslid).



Die verwelkomingsaand is ingekleur met 'n wynproe waartydens nege wyndkelders hul produkte in eg Wes-Kaapse styl kom voorsit het. Japie Snyman, Dawid Beets (Tiger Consumer Brands) en Wimpie Bouwer (Unigrain) was ook daar.

twee jaar, elke maand witmielies uitgevoer is. Sojabone is nie voorheen uitgevoer nie. Sedert die produksie egter die vraag oorskry, word sojabone ook uitgevoer.

Spoorvervoer bly die goedkoopste manier om graan te vervoer. Weens die agteruitgang van die spoornetwerk en die vloede

in KwaZulu-Natal het spoorvervoer egter drasties afgeneem, wat die uitvoer van graan by hawens negatief beïnvloed.

## SA en die uitvoermark

Japie Snyman, visepresident van graan by Olam Global Agri, het gesê met Suid-Afrika se vermoë om 350 000 tot 400 000 ton graan per maand uit te voer, is die land 'n klein rolspeler in die wêreld-ekonomie, maar ding steeds met die beste ter wêreld mee. Die internasionale uitvoermark is uiters mededingend. Suid-Afrika se grootste voordeel is sy ligging.

Suid-Afrika is steeds 'n Derdewêreldland met beperkte uitvoerkanale wat mededingendheid minder doeltreffend maak. Die groot verskil is dat die Eerste Wêreld bedrywe het wat op uitvoer gebou is. Die feit dat plaaslike produsente net 5% van hul graan per spoor kan vervoer teenoor 10% tien jaar gelede, maak die proses moeiliker en duurder.

By die verhandeling van graan is verskeie faktore betrokke, soos die liggingsdifferensiaal, vervoerkoste, berging, aflaai-koste en die basispunt van verhandeling. Verskillende basispunte laat die koste ook styg deur die seisoen. Dit wissel tussen R400 en R800/ton. Frankfort is byvoorbeeld nader aan Durban as aan Kaapstad.

## Rondetafelgesprek

'n Hoogtepunt was 'n rondetafelgesprek met die sprekers wat deur Lourensa Eckard van *In Gesprek* op kykNET gelei is. Sake soos hoe om die uitvoer van landbouprodukte doeltreffender te maak, hoe banke verbruikers van elektrisiteit bystaan om hernubare energie te kry asook die invloed van beurtkrag en hoe om die probleem op te los, is bespreek. Meer as een paneellid het melding gemaak van die belangrikheid van gesprek- en netwerkplatforms, soos dié wat die GOSA-simposium bied. ●

**JHB TRACTOR SPARES**  
The dependable part of your plan

1971-2013

**FORD, FIAT, NH and MF**  
replacement spares

Tel: (011) 677-2100 or (011) 615-6421  
Email: [jhbtrac@jcon.co.za](mailto:jhbtrac@jcon.co.za) • [www.jhbtractorspares.co.za](http://www.jhbtractorspares.co.za)

# SKAKEL AF

## die bedreiging van vernietigende lepidoptera-plae met PowerCore™ saadeienskaptegnologie

Neem beheer in die stryd teen bogrondse plae met **PowerCore™** tegnologie – 'n hoëpresterende, insekbestande saadeienskap (trait) wat mielies effektief teen vernietigende bogrondse lepidoptera-plae, soos mieliestronkboorder en Chilo-boorder, help beskerm. **PowerCore™** tegnologie is 'n omvattende saadeienskappakket vir uitstekende insek- en onkruidbeheer in jou hoë-opbrengspotensiaal mielie-oes. Die unieke kombinasie van drie verskillende *Bacillus thuringiensis*- (Bt-) proteïene vervat in **PowerCore™** tegnologie bied verbeterde Insekweerstandbestuur (IRM) teen bogrondse lepidoptera-plae, terwyl die glifosaatverdraagsaamheid 'n bewese, gerieflike onkruidbeheer voordeel vir boere inhou.

Hierdie seisoen bied Pannar Saad ses nuwe mieliebasters met die **PowerCore™** eienskaptegnologie oor 'n reeks groeiklasse. Praat vandag met een van Pannar se kundiges en bepaal watter mieliebastersaad met die **PowerCore™** tegnologie die beste op jou plaas vir die 2023-groeiseisoen sal pas!



**PANNAR**®

Saam boer ons  
vir jou toekoms™

[www.pannar.com](http://www.pannar.com)



**POWERCORE™**

Skandeer die kode  
vir meer inligting  
oor Pannar se  
uitsonderlike  
produkte



PowerCore™ multi-eienskaptegnologie is ontwikkel deur Corteva Agriscience en Monsanto. PowerCore™ is 'n geregistreerde handelsmerk van Monsanto Technology LLC.  
™ & SM Handelsmerke van Corteva Agriscience en sy geaffilieerde maatskappye. © 2023 Corteva. 2023/PWC/A/POWEROFF.

# EU FUNDS SURVEY on maize farmers in KZN

**Dr Corinda Erasmus**, Delphius Technologies & Consultancy

**Dr Admire Isaac Tichafa Shayanowako**, College of Agriculture, Engineering and Science, University of KwaZulu-Natal

**Dr Peterson Obara Magutu**, Enterprises and Services, University of Nairobi

**Thys Rossouw**, Delphius Technologies & Consultancy

The InnoFoodAfrica (IFA) project started in August 2020 as a multidisciplinary project to tackle challenges in African agro-processing value chains. The focus is on climate-smart crops and smallholder farmers.

VTT (Finland) is the project leader with five European partners and 13 African partners from Kenya, Uganda, Ethiopia and South Africa. The project is funded by the Horizon 2020 research and innovation programme of the European Union (EU) under grant agreement number 862170. South African partners include

the University of Pretoria (UP) as academic partner and Delphius Technologies & Consultancy cc as commercial partner. As part of the survey on farmers done in KwaZulu-Natal (KZN), the University of KwaZulu-Natal (UKZN) College of Agriculture, Engineering and Science (CAES) became involved in partnership with Delphius Technologies and UP.

Surveys form an important part of the project, especially to understand the needs of smallholder farms, who supply a vast amount of Africa's food. By collecting survey data, production challenges

can be better understood, including the need for value addition and waste stream beneficiation. For example, pest control and shelf-life challenges are common issues on smallholder farms, where existing solutions are either unaffordable or unpractical. Innovation is needed to address these challenges. More information on the project can be found at <http://innofoodafrica.eu>.


Information about the commercial sector of maize farming in South Africa is readily available and regularly updated by the South African Grain Information Service (SAGIS) and other commercial bodies, but smallholder farms and the informal sector are underrepresented and it is difficult to obtain accurate data. Some data on smallholder farms are available from the national census reviews (StatsSA), but that data are often outdated. The IFA project aimed to get a better understanding of the current situation, including the challenges facing the informal sector, in order to identify opportunities for improvement. The results can assist policy makers on decisions in terms of future farmer support through agricultural extension services or funding mechanisms.

Maize was selected as the model cereal for South Africa because it is a major staple agricultural crop. The ideal situation would have been to do a survey in all the provinces, but due to a limited budget only farms in a neglected province (KZN) were surveyed.


## Description of study area, sampling procedures and participants

The study was conducted in three locations, Swayimana, Nhlazuka and Umbumbulu in KZN from December 2021 to January 2022. Swayimana (S29°29'16", E30°39'36") and


**SIZE OF FARMS (% FARMS)**



**CROP USES (% FARMS)**




Graph 1: Sizes and crop use of farms included in the survey.




Graph 2: Crop losses on smallholder maize farms.


◀ EU FUNDS SURVEY...



Graph 3: Stem borer crop damage.



Graph 4: Maize weevil harvest damage.



Graph 5: Larger grain borer harvest damage.

◀ Nhlazuka (S30°11'22", E29°55'55") fall under the uMgungundlovu district municipality, while Umbumbulu (S29°59'4.5168", E30°42'14.7528") is within the Ethekwini district. The areas have an average annual rainfall of between 700 and 1 000 mm, with frequent thunderstorms and intermittent dry spells. The area is classified as having above average agricultural potential in the KZN region and is well adapted for the production of a range of both industrial and food crops.

About 300 randomly selected households from each location were targeted. Focus group discussions were conducted in each location, comprising ten key informants including individuals who had great knowledge about the villages, the farms, crops and local conditions and problems in the district. Selection of this group was done in consultation with the local municipal and tribal leadership with knowledge of the farmers around the areas facilitated by UKZN.

*The biggest benefit to the farmers will be to investigate options for novel and affordable pest control systems*


Primary data were collected using participatory methodologies through a structured survey to obtain characteristics of the farmers in the districts. The structured survey served as a control for checking or comparing information obtained through participatory methods. Information was gathered through a questionnaire administered to the farmers by the facilitators. The enumerators used the ODK (<https://getodk.org/#features>) data collection application installed on smart phones to collect data from the respondents using the questionnaires. The questionnaires were saved onto the ODK server system. Upon completion of the survey, data were then retrieved from the server onto an Excel file for analysis.

In order to save time and to limit the need for unnecessary travel in an area with poor infrastructure, only one combined questionnaire was compiled. The questionnaire consisted of 41 questions in a multiple-choice format to make data collection easier. Apart from maize, the participants also provided information on other crops used for intercropping, including crops such as sweet potatoes, Bambara groundnuts, cowpeas, beans, madumbe (taro) and other vegetables.


**Results**

Results of 842 farms were included in this survey – 78% of farmers planted white maize, 10% planted yellow maize and 12% planted both types. While 22% of farms planted only maize, 78% did intercropping.

Most of the farms were quite small (Graph 1 on page 73), with 65% of them less than 1 ha. Most of the planted maize (74%) was used as human food and eaten as a vegetable (corn on the cob). It is a very popular product which is either boiled or fried and often sold on the side of the road in the summer months. Corn on the cob makes up a significant percentage of the developing farmer maize crop, but no formal data on the size of corn on the cob production in South Africa are kept. It



Graph 6: Size of side streams on farm.



Graph 7: Survey related to need.

is a highly seasonal crop with a short shelf-life similar to that of vegetables, but because of its reliable yield, popularity and also cultural significance, there may be opportunities to optimise fast-growing, disease-resistant cultivars specifically for corn on the cob. Currently, very little maize is sold from these farms (1%), indicating that almost the entire crop is used for own consumption.

In terms of crop losses (Graph 2 on page 73), 33% of the farms had losses of less than 10% and only 0.1% indicated a loss of more than 80% for the 2021/2022 season. Crop losses happened for many reasons, including diseases, insect damage, damage by animals and birds and even theft.

The extent of damage caused by three major maize pests, including stem borer, maize weevil and larger grain borer, is shown in Graph 3 to 5. Unfortunately, in a large percentage of cases, no data were available on the pests. This could be due to a lack of knowledge to identify the pest and also a lack of record-keeping which is

a common reality for informal farmers. However, it is concerning that 5% of farms had more than 80% of the crops lost due to stem borer. Most of the losses will be used as compost or animal fodder (Graph 6) as part of the side streams (such as leaves and cobs).

*5% of farms had more than 80% of the crops lost due to stem borer*

Informal farmers do not have the cash to buy fertiliser or animal feed and therefore no part of the crop is wasted, as composting and animal feeds have to come from any side streams available. A well-designed composting system adds value to the soil and is therefore an opportunity for improvement. Feedback from the respondents has indicated that the biggest problem that caused losses in general were all types of insect damage. The lack of funding prevents farmers from implementing effective pest control systems. As can be seen in Graph 7, 32% of farmers indicated that additional funding would greatly assist them, but it is also interesting to see that many farmers indicated a need for crop insurance and security.

Only 5% indicated a need for irrigation systems, probably due to the fact that the KZN area receives very high rainfall. Quite a few farmers (12%) indicated that better market access would benefit them the most. The very low percentage who indicated currently selling their maize, is a symptom of a logistical challenge in getting the produce to the markets in the urban areas linked to existing bad road infrastructure in the area.

## Conclusion

In conclusion, the biggest benefit to the farmers, apart from funding, will be to investigate options for novel and affordable pest control systems, which will greatly reduce existing crop losses. Research is needed for better utilisation of current waste streams as compost streams to replace expensive fertiliser. Research into the use of eating maize as a vegetable needs better support – as it is a major crop due to its reliability and cultural significance. The planting of disease-resistant, quick-growing varieties specifically developed for this application is an opportunity to increase yield and food security, especially if the maize can be marketed better in the large urban areas.

The results shown here are only a selection from a much larger dataset and more information is available from the corresponding author. ●

*This project has received funding from the European Union's Horizon 2020 research and innovation programme under grant agreement number 862170.*

# Product labels are changing

Elriza Theron, advocacy & communications manager, CropLife SA

Producers and farmworkers should be aware that their crop protection product labels are changing and will continue to do so for a while. The reason for this is because of the Globally Harmonised System of Classification and Labelling of Chemicals, or GHS for short, which affects chemical agents in various industries. This article will focus on products used in the crop protection industry.

The need for GHS arose because of the global trade of chemicals, which often cross boundaries into areas with different languages and varying levels of literacy, thereby creating challenges when communicating safe and responsible usage instructions of the products. In South Africa, GHS became a legal requirement as from September 2022 and is stipulated in the Regulations for Hazardous Chemical Agents No. R280 of 29 March 2021. Since then, the labels and safety data sheets of crop protection products must follow a standardised approach in communicating the hazards of the chemical. However, bear in mind that there is a transition period for chemicals that were already imported or manufactured prior to this date.

It is very important for producers and farmworkers to understand the new layout, because the hazards associated with a particular chemical, their nature and severity, are communicated through a number of elements, such as hazard statements, pictograms and signal words on both the label and the safety data sheet of the product.

## Hazards

First, a look at the classification criteria of these hazards. According to the GHS, the nature of a hazard is assigned according to a hazard class, of which there are currently 29. Of these, 17 are physical hazard classes such as oxidising liquids, ten are health hazard classes such as skin corrosion/irritation, and two are environmental hazard

classes, namely hazardous to the aquatic environment or hazardous to the ozone layer.

These classes belong to a hazard group or type, depicted by a pictogram that can be used for several different hazards. Within these classes, the severity of the hazard is then allocated in terms of a hazard category expressed as a number, for instance category 1 would be the most severe. Some of these categories are further subdivided into divisions, which are expressed as a letter, such as A, B, C and so forth.

*There will no longer be a colour band illustrating toxicity of the product*










One of the biggest changes on the labels is the fact that there will no longer be a colour band illustrating toxicity of the product. This might be concerning to some, but one should note that with the GHS classification, the hazard of the product is determined using acute and chronic toxicity, whereas the colour bands only considered acute toxicity, meaning that the new classifications are more comprehensive.

## Taking precaution

The GHS also uses hazard statements, pictograms and signal words to communicate the hazard of the chemical, as well as precautionary statements to mitigate any potential risks. Hazard statements are phrases that describe the hazard/s as determined by the hazard

classification. They start with the letter H, followed by three numbers. For physical hazards, the statement will start with H2 (followed by two additional numbers), health hazards start with H3 and environmental hazards with H4, for example: H300: Fatal if swallowed. These hazard statements appear both on the label as well as on the safety data sheet. However, the code (Hxxx) only needs to appear on the safety data sheet and not on the label.

Precautionary statements are used to explain how to handle these substances, as well as which precautions to take to ensure any risk associated with handling the product is mitigated. The precautionary statements are preceded by the letter P and three numbers that are also categorised according to type, similar to the hazard statements. General statements will start with P1 followed by two numbers, prevention statements with P2, response statements with

	Explosive		Chemicals under pressure		Exclamation mark
	Flammable		Corrosive		Health (chronic toxicity)
	Oxidising		Acute toxicity		Environment

**SIGNAL WORDS: WARNING | DANGER**

Figure 1: GHS hazard groups and pictograms.

# - what to look out for

P3, storage statements with P4 and disposal statements with P5, for example: P264: Wash hands thoroughly after handling. These statements appear on the product label and the safety data sheet and are linked to a specific hazard statement and pictogram. As with the hazard statements, the codes (Pxxx) are only required on the safety data sheet and not the actual label. Both the hazard statements and precautionary statements must have headings indicating which type of statements they are, and they must be placed to the right of the associated pictogram.

As mentioned, pictograms are used to depict nine different chemical hazard types, illustrated in **Figure 1**. A signal word should appear on the label of which there are only two: 'Danger' which indicates the more severe hazard, or 'Warning' indicating a less severe hazard. Only one signal word should appear on the label.

## Conclusion

These are just a few elements of the GHS, mostly pertaining to the product label, because the entirety of the GHS is beyond the scope of this article. It is critical that producers and farmworkers familiarise themselves with these important elements. The aim of the GHS is to communicate the inherent hazard of the chemical. Because of this

hazard, there are certain risks involved with working with the product, but these are mitigated if the label instructions are followed.

Just because a product is hazardous, does not mean it cannot be applied safely. A vehicle, for instance, can also be a hazard if one considers the number of accidents on the road, but vehicles aren't just banned altogether because of this. Instead, the risk is mitigated by wearing a safety belt, adhering to the speed limit and following other road safety regulations. The same logic applies when working with hazardous chemicals, which is why understanding the product label is so important.

It is important to remember that any application of a crop protection product in any manner other than the label instructions is a contravention of the law. Producers should make sure they, and any person working with them, know exactly how to use these products safely and responsibly. ●

Scan the QR code for an illustration of GHS label requirements.



## Kom ons groei saam

Toppresterende kortgroeiseisoenkultivars  
in die SENSAKO-mandjie:

 **SST 884**

 **SST 8154**

 **SST 843**



**syngenta**<sup>®</sup>

 [syngenta.co.za](http://syngenta.co.za)  **SENSAKO**  **SENSAKO**  
Bethlehem +27 (0) 58 303 4690



# Wanneer familie saam boer

## Deel 4 – Hoe meer, hoe moeiliker

Karina Muller, SA Graan/Grain-medewerker

**H**oe meer familielede deel raak van 'n familieboerdery, hoe groter raak die kompleksiteit betreffende die bestuur daarvan. In hierdie aflewering van die reeks oor familieboerdery word op die bestuur van so 'n boerdery gefokus en word ook gekyk na die opstel van 'n familiegrondwet en hantering van verskille.


Hierdie onderwerp lê vir Yolandi Kruger, direkteur en landbouadviseur by Dunamus Agri Advisory, en dr Johan Beukes, direkteur van Authentic Living Learning, na aan die hart. Hulle het verlede jaar ook die "Families wat Floereer"-webinaar hieroor aangebied.

### Kompleks

Kruger en dr Beukes verwys na die Drie Sirkel-model (Figuur 1) wat in 1978 deur John Davies en Renato Taguiri ontwikkel is om familie-ondernemings beter te begryp. Dit bied insig oor hoe om die bestuur van 'n familieboerdery te benader.

Volgens dié model is daar drie interafhanklike groepe in 'n familie-onderneming – die familie, die eienaars en die werknemers. Uit die model is dit duidelik dat daar sewe belangegroepes is wat elk 'n verbintenis met die familie-onderneming het.

1. Eienaar wat nie familie of 'n werknemer is nie.
2. Eienaar wat wel deel van die familie is, maar nie 'n werknemer is nie.
3. Eienaar wat deel van die familie is en ook as werknemer in diens van die boerdery is.
4. Eienaars wat nie deel van die familie is nie, maar in diens van die boerdery is.
5. Familie (aangetroudes en afstammelinge) wat nie eienaarskap het nie en ook nie betrokke by die boerdery is nie.



Figuur 1: Verskillende groeperinge binne 'n familieboerdery.

### Wenke wat kan help om sinvol te verskil

- » Luister aandagtig.
- » Maak seker waar die grootste deel van die verskil lê – aan die kant van die familie of die onderneming. Familierverskille word anders as sakeverskille hanteer.
- » Neem die ander persoon se intensies, agtergrond, werkserwaring, opleiding en persoonlikheid in ag.
- » Probeer agterkom wat die ware rede vir die verskil is.
- » Bepaal op watter vlak die verskil lê (taak, verhouding of beginsel) – spesifieke benaderings word vir elke vlak gevolg.
- » Vra om verskoning indien nodig. Werk saam met die ander persoon 'n werkbare oplossing uit wat tot voordeel van die onderneming en tot die vooruitgang van die familieverhoudinge sal strek.
- » Vanweë die kompleksiteit van 'n familieonderneming en die verskillende rolspelers betrokke, is dit raadsaam om kundiges by die proses te betrek wat die konteks en belangrikheid van die onderneming en familie verstaan en op 'n objektiewe manier insette kan lewer, hetsy met die opstel van ondernemingstrukture of die opstel van die grondwet, opvolgbeplanning of konflikhantering.

6. Familie wat as werknemers in diens is, maar nie eienaars is nie.
7. Werknemers wat nie familie of eienaars is nie.

Elk van die belangegroepes het unieke uitgangspunte, doelwitte, bekommernisse en dinamika. Waar die sirkels oorleuel, is gebiede waar verwarring van rolle en verantwoordelikhede kan ontstaan.

Geen belangegroep se uitgangspunt mag belangriker wees as dié van 'n ander nie. Uitgangspunte behoort geïntegreer te word om die rigting van die familieboerdery te bepaal, aangesien die langtermynsukses van die boerdery afhang van die suksesvolle bestuur van die groepe.

### Grondwet

Een van die beste maniere om die verhouding tussen die familie, eienaars en werknemers te bestuur, is 'n grondwet. Hierdie familie-ondernemingsgrondwet is volgens die boek *Familieboerdery in Suid-Afrika* – deur Elmarie Venter, Theo Vorster en George Robertson – die reëls van die familieboerdery. "Daarsonder sal misverstande en konflik voorkom. So word sensitiewe aspekte van al drie substelsels, asook aspekte wat aktiewe en nie-aktiewe familielede raak, op 'n deursigtige en sensitiewe wyse hanteer."

Die grondwet hanteer onderwerpe soos die boerdery se visie, missie, doelstellingsriglyne vir kommunikasie, die werking van die





SA Graan Reeks Grain Series

## Pêrels vir die vrou

Marisa Badenhorst,  
Revive Our Hearts South Africa



## Druk die pause-knoppie

In die sprokie, *Die Rottevanger van Hameln*, lok die rottevanger al die rotte van die stad Hameln met sy magiese fluitspel in 'n stroom agter hom aan tot hulle almal in die rivier verdrink. Die stadsowerhede betaal hom egter nie vir sy diens nie en uit wraak lok hy 'n klomp kinders agter hom die rivier in, met noodlottige gevolge. Voorwaar 'n hartseer sprokie!

Ek wonder hoe dikwels die betowerende fluitspel van die wêreld ons in 'n meedoënlose stroom meesleur. 'n Stroom met geen genade, geen grense, geen ritme. Die kakofonie van klanke om ons laat ons uit ritme in die pappery van die stroom beland. Die aanloklike stem van Facebook, WhatsApp-groepies en ander sosiale media val ook in gelid saam met al die gewone moet-doen-dinge en voer ons nog vinniger onbewus in die stroomversnelling mee. En ons raak moeg ...

God se fluitspel klink anders. God se fluitspel is ritmies. God se ritme sluit werk én rus; doen én stilstaan; mense én alleenwees in. God werk ses dae en rus een. Jesus dien en staan by mense stil. Hy is in die skare, maar ook eenkant.

Sy ritme sê: Druk die pause-knoppie. Om die pause-knoppie te druk vra 'n doelbewuste besluit. Dit vra om jouself korter en langer stilstaantye in 'n dag te gun. Drink 'n lekker koppie tee uit 'n mooi koppie terwyl jy die skoonheid van die natuur bewonder. Luister na mooi musiek. Gaan stap. Gun jouself 'n pajama-dag. Bad lank. Wees bewustelik in hierdie oomblikke voor jy weer die play-knoppie druk om aan te gaan.

Pause vra soms eenkantye – alleen, afgesonder van alles en almal. Parkeer in God se Woord, sy Liefdesbrief aan jou. Praat lank en eerlik met Hom. Wag in stilte op Hom. Volg God se ritme van ses dae werk en een dag regtig rus.

Die rotteresies is nie 'n sprokie nie en ook nie vir ons bedoel nie. Daar is 'n klomp vals note in die wêreld se betowerende, meesleurende fluitspel. Pause om gees, siel en liggaam in ritme te kry. Luister na God se ritmiese fluitspel wat sê: "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee" (Matt 11:28). ●

familieforum, aandeelhouding, leierskap en bestuursopvolging. Dit behoort in geskrewe vorm te wees en moet gereeld bespreek en hersien word.

Faktore wat tydens die opstel van 'n familiegrondwet in gedagte gehou behoort te word, is die volgende:

- » **Bestuursfilosofie:** Hierdie punt handel oor etiek en familiewaardes, bestuurstype en -strukture en hanteer ook die gedragskode.
- » **Familieposte:** Dit bepaal wie word as familie beskou en stel kriteria vir die aanstel van familie in die onderneming en dissiplinêre stappe op.
- » **Leierskap en opvolging:** Hier word besluit oor kriteria waaraan die uitvoerende bestuurder moet voldoen en wie hom/haar moet aanstel.
- » **Aandeelhouding:** Dit handel oor wie aandele mag besit en aan wie dit verkoop mag word.
- » **Adviesraad:** Hier gaan dit oor wie op die direksie mag dien, hoe stemmery moet verloop en hoe besluite geneem word.
- » **Doeltreffende kommunikasie:** Dit gaan oor hoe kommunikasie rakende die operasionele, strategiese en familiebesluitneming hanteer moet word.
- » **Entrepreneurskap en toekomstige sukses:** Hierdie punt handel daaroor of voldoende stelsels in plek is om te verseker dat welvaart oor geslagte heen geskep word en hoe om kennis van een geslag na die volgende oor te dra.

*Dit is goeie praktyk om gereeld vergaderings met familie, trustees en bestuur te hou*

### Kommunikasie

Kruger en dr Beukes meen dat ondoeltreffende kommunikasie een van die grootste struikelblokke en terselfdertyd ook die grootste bron van konflik in 'n familieboerdery is.

Hulle maan dat die familie gereeld moet vergader om belangrike sake, soos bestuurs- en eienaarsopvolging wat die familie en boerdery raak, te bespreek. "Die meeste konflik is gesetel in gebrekkige kommunikasie, misbelynde verwagtinge en misverstande."

Dit is goeie praktyk om gereeld vergaderings met familie, trustees en bestuur te hou waar al die belangegroepie die geleentheid kry om menings te lug of kwessies onder bestuur, eienaars of familie se aandag te bring.

Hierdie vergaderings behoort behoorlik genotuleer te word sodat dit in die toekoms as verwysing kan dien. ●

Yolandi Kruger en dr Johan Beukes kan by die volgende e-posadresse gekontak word – landi@dunamus.co.za en ljohnbeukes1@gmail.com.



# E-posse aan Grootneef



## Om aan te pas

Beste Grootneef

**D**ie seisoen draai nou vinnig met 'n nuwe koue, droë wit seisoen wat op pad is. Die veld is pure herfs nadat die eerste ryp plek-plek soos as oor die vleie uitgestrooi is. Vir die enkele jong sonneblomme hou ons duim vas dat die harde ryp nog so 'n week of wat sal kans gee.

Ou Neef, sommige owerstes in ons goewerment loop behoorlik breëbors nadat die Bester-verpester in Tanzanië vasgekeer is. Dis behoorlik asof die vangs en uitlewering van die man en sy vriendin na Suid-Afrika oornag die plaaslike misdaadstatistiek halveer het. Soveel van onderhoude met ministers, senior polisiemanne en owerstes was lanklaas te siene. Ou Neef, goed en wel dat 'n skelm sardien met 'n harpoen vasgekeer is, maar as dieselfde span eendag die werklike groot visse soos die Guptas kan aankeer en laat uitlewer, dán kan hulle dit van die dakke af skree. Deel dán die medaljes uit wanneer die skuldiges wat die land gestroop het, in oranje oorpakke uitgedos word.

Neef Dawie het by die onlangse Graan SA Kongres verwys na Charles Darwin wat sy tyd ver vooruit was. Darwin het begin skryf oor die evolusie van spesies oor eeue. Hoewel baie akademici en kerkleiers van Darwin se evolusie-teorie verskil, dra die volgende na al die jare van debat steeds water. Dis nie noodwendig die sterkste van die spesies wat oorleef het nie, maar dié wat betyds kon aanpas.

Dawie het toe ook sommer Darwin se teorie oor tydige aanpassing by nuwe omstandighede deurgetrek na die harde besigheidswêreld. In die jaar 2000 is Nokia wêreldwyd as die waardevolste handelsmerk geag. In 2022 is die Apple-handelsmerk in hierdie gesogte posisie, met Samsung in die vierde plek.

Van die ouer handelsmerke was Microsoft een van die enkeles wat in 2000 as die tweede waardevolste handelsmerk geag is, met dieselfde aansien in 2022, steeds op nommer 2. Dít wil gedoen wees – veral in die dam waarin Microsoft swem. Microsoft het relevant gebly deur waarde te bly toevoeg.

Die vraag is waarom Nokia nie dieselfde kon vermag nie – want in 2000 was Nokia heel voor in die foonkompetisie met sy 51-10-model. Kan julle nog daardie baksteen van 'n foon onthou? Die geskiedenis het egter geleer dat Nokia so selfvoldaan was om die beste in 2000 te wees, dat hulle nie tred gehou het met die nuwe en ander behoeftes van verbruikers nie. Hul mededingers het met toenemend slimmer fone vir Nokia in sy eie gemakse van daardie tyd agtergelaat en eenvoudig beter, vinniger en ratser tred gehou met die behoeftes en verwagtinge van 'n nuwe generasie.

Dieselfde kan gesê word van Microsoft. Hoewel nie in 2000 bo aan die leer nie, het Microsoft voortdurend by nuwe uitdagings aangepas. En rek hulle nog steeds hul treë in die wedloop met nuwe dienste en produkte wat 'n mens soms verstom laat oor wat hul programme alles kan vermag.

Darwin se standpunt van wie in 'n veranderde omgewing oorleef, is dus steeds in die kol. Dit is beslis nie die spesie wat op daardie stadium die sterkste is nie, maar dié wat leer om betyds aan te pas. Darwin self het in April 1882 op 73-jarige ouderdom gesterf. Sy teorieë oor tydige aanpassing is egter na meer as 100 jaar nog springlewendig.

Dit is in 'n neutedop vir ons as graanprodusente die grootste uitdaging. Die ou dae se manier van boer gaan net nie meer werk nie. Want alles het verander – die mark, tegnologie, meganisasie, agrichemie, die waardeketting, maar veral die verbruiker. Vir graanprodusente wag nuwe uitdagings in elke seisoen en moet aanpassings deurlopend gemaak word.

Soms het ons nodig om deur 'n venster na die toekoms te kyk. NAMPO 2023 bied so 'n uitsig op nuwe tegnologie en geleenthede. Ou Neef, sien jou op NAMPO. Ek wil sien wat die toekoms bied. Om betyds te kan aanpas.

Groete

*Kleinneef*



Lesers kan 'n e-pos vir Kleinneef stuur na [kleinneef@graingrowers.co.za](mailto:kleinneef@graingrowers.co.za).



# Kom ons groei saam

Ons het belê in 'n nuwe geelmieliepakket sodat jy met gerustheid kan plant en sien hoe goeie planne in goeie opbrengs verander.

Ons help jou groei – vandag en môre.



**syngenta**<sup>®</sup>



[syngenta.co.za](http://syngenta.co.za)



**SENSAKO**



**SENSAKO**

Bethlehem +27 (0) 58 303 4690



Knowledge grows

# allfarm



## Besoek ons by NAMPO

Stalletjie C19c, vanaf 16-19 Mei 2023. Kom gesels saam oor herlewingslandbou en ons trots Suid-Afrikaanse nuwe presisieboerdery-toepassing: AllFarm.



Laai allfarm hier af:

